

PRINTED BY CRED A COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT
PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000
GEDRUK DEUR CRED A COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE
STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—
7000

19408

30 OKTOBER

84

NASIONALE WET OP BOSSE, 1998

(Engelse teks deur die President geteken.)

(Goedgekeur op 20 Oktober 1998.)

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[]

Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Om die reg oor bosse te hervorm; om sekere wette te herroep; en om vir verbandhoudende
aangeleenthede voorsiening te maak. AANHEF

Die Parlement erken dat—

- * elkeen die grondwetlike reg het om die omgewing te laat beskerm tot voordeel van
huidige en toekomstige geslagte;
- * natuurlike bosse en boomveld 'n belangrike deel van daardie omgewing uitmaak en
bewaar en ontwikkel moet word volgens die beginsels van volhoubare bestuur;
- * plantasiebosse 'n belangrike rol in die ekonomie speel;
- * plantasiebosse 'n invloed op die omgewing het en behoorlik bestuur moet word;
- * die Staat se rol in bosbou moet verander; en
- * die ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvoordele van bosse in die verlede onbillik
versprei is.

Gevolgtik verorden die Parlement die volgende wet:

INDELING VAN WETHOOFSTUK 1 INLEIDENDE BEPALINGS

1. Oogmerke

2. Uitleg

HOOFSTUK 2 VOLHOUBARE BOSBESTUUR Deel 1 Bestuur

3. Beginsels om leiding te gee aan besluite rakende bosse

4. Bevordering en afdwinging van volhoubare bosbestuur

Deel 2 Navorsing, monitering en verslagdoening

5. Bevordering van navorsing

6. Plig om bosse te moniteer en inligting te versprei

HOOFSTUK 3 SPESIALE MAATREËLS OM BOSSE EN BOME TE BESKERM Deel 1

Verbod op vernietiging van natuurlike bosse

7. Verbod op vernietiging van bome in natuurlike bosse

Deel 2 Beskermdede gebiede

8. Bevoegdheid om beskermdede gebiede opsy te sit

9. Prosedure om beskermdede gebiede te verklaar

10. Gevolge van opsig van beskermde gebiede

11. Bestuur van beskermde gebiede

Deel 3 Beskerming van bome

12. Verklaring van bome tot beskermde bome

13. Normale prosedure om bome tot beskermde bome te verklaar

14. Noodprosedure vir beskerming van bome

15. Gevolge van verklaring van beskermde bome

16. Registrasie teen titelaktes

Deel 4 Maatreëls om ontbossing te beheer en reg te stel

17. Bevoegdheid om beheerde bosgebiede te verklaar

18. Reg om om beskerming aansoek te doen

HOOFSUK 4 GEBRUIK VAN BOSSE Deel 1 Toegang vir ontspanning en verwante doeleindes

19. Toegang tot Staatsbosse vir ontspanning, opvoeding, kultuur of geestelike ver-vulling

20. Regulering van toegang tot Staatsbosse

21. Toegang tot ander bosse as Staatsbosse

Deel 2 Vestiging en verlening van regte om Staatsbosse te gebruik

22. Setel van regte

23. Bedrywighede wat gelisensieer kan word in Staatsbosse

24. Vereistes vir lisensiëring

25. Wysigings, opskortings en intrekings

26. Serwitute in Staatsbosse

27. Verhuring van Staatsbosse

28. Ooreenkomste om bosopbrengs in Staatsbosse te verkoop

Deel 3 Gemeenskapsbosbou

29. Aanbiedinge om gemeenskapsbosbou-ooreenkomste te sluit

30. Sluiting van gemeenskapsbosbou-ooreenkomste

31. Inhoud van gemeenskapsbosbou-ooreenkomste

32. Bystand vir gemeenskapsbosbou

HOOFSUK 5 INSTELLINGS Deel 1 Nasionale Bosadviesraad

33. Instelling en oogmerke van Nasionale Bosadviesraad

34. Samestelling van Raad

35. Voorwaardes vir aanstelling in Raad

36. Komitees van Raad

37. Vergaderings van Raad

38. Befondsing van Raad

39. Personeel van Raad

40. Verslagdoening deur Raad

Deel 2 Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse

41. Instelling en oogmerke van Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse

42. Bevoegdhede en pligte van Minister as trustee

43. Administrasie van Trustfondse

44. Verslae deur Minister as trustee

Deel 3 Paneel van fasiliteerders, bemiddelaars en arbiters

45. Instelling van paneel

HOOFSUK 6 ADMINISTRASIE VAN WET Deel 1 Algemene bevoegdhede en pligte van Minister

46. Ontwikkeling en inwerkingstelling van beleid

47. Toewys van bevoegdhede en pligte

48. Delegering van bevoegdhede en pligte

49. Onteining van eiendom

50. Uithou van Staatsgrond vir bosbou
51. Verrigting van funksies op ander grond
52. Verlengings
53. Inhoud van regulasies
54. Prosedure vir uitvaardiging van regulasies
55. Tariewe en heffings

Deel 2 Algemene bevoegdheede en pligte van Direkteur-generaal

56. Bevoegdheede en pligte
57. Oorplasing van beamptes en werknemers

HOOFSTUK 7 MISDRYWE EN STRAWWE Deel 1 Vonnisoplegging

58. Strawwe
59. Vergoedende bevel in strafregtelike verrigtinge
60. Toekenning van deel van verhaalde boete aan informant

Deel 2 Misdrywe

61. Misdrywe rakende volhoubare bosbestuur
62. Misdrywe rakende beskerming van bosse en bome
63. Misdrywe rakende gebruik van bosse
64. Misdrywe rakende toepassing van Wet

HOOFSTUK 8 TOEPASSING VAN WET

65. Aanstelling van bosbeamptes
66. Algemene bevoegdheede van bosbeamptes
67. Bevoegdheid om te betree en te deursoek
68. Bevoegdheid om beslag te lê
69. Bevoegdheid om in hegtenis te neem

HOOFSTUK 9 ALGEMENE EN OORGANGSBEPALINGS Deel 1 Allerlei

70. Dokumente en stappe geldig onder sekere omstandighede
71. Lewering van dokumente
72. Publikasie van kennisgewings in media

Deel 2 Herroeping en wysiging van wette, voorbehoudsbepalings, kort titel en inwerkingtreding

73. Herroeping van wette
74. Voorbehoudsbepalings
75. Wysiging van artikel 1 van Wet 128 van 1992
76. Vervanging van artikel 3 van Wet 128 van 1992
77. Herroeping van artikel 4 van Wet 128 van 1992
78. Wysiging van Wet 51 van 1994
79. Kort titel

80. Inwerkingtreding

BYLAES

1. Herroeping van wette by artikel 73
2. Wysigings van Wet 51 van 1994 by artikel 78

HOOFSTUK 1 INLEIDENDE BEPALINGS

Hierdie Hoofstuk sit die oogmerke uiteen waarvoor hierdie Wet aangeneem word. Dit omskryf belangrike woorde en terme wat in die Wet gebruik word en gee leiding vir die uitleg van die Wet.

Oogmerke

1. Die doel van hierdie Wet is—

- (a) om die volhoubare bestuur en ontwikkeling van bosse tot voordeel van almal te bevorder;
- (b) om die omstandighede te skep wat nodig is vir die herstrukturering van bosbou in Staatsbosse;
- (c) om spesiale maatreëls te bied vir die beskerming van sekere bosse en bome;

(d) om die volhoubare gebruik van bosse vir omgewings-, ekonomiese, opvoedkundige, ontspannings-, kulturele, gesondheids- en geestelike doeleindes te bevorder;

(e) om gemeenskapsbosbou te bevorder;

(f) om groter deelname aan alle aspekte van bosbou en die bosproduktenywerheid deur persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, te bevorder.

Uitleg

2. (1) In hierdie Wet, tensy dit strydig is met die samehang, beteken—

(i) “beskermd boom” 'n boom wat beskermd verklaar is, of behoort tot 'n groep bome, boomveld of spesie wat beskermd verklaar is, kragtens artikel 12(1) of 14(2); (xxvi)

(ii) “beskermd gebied” 'n gebied wat deur die Minister opsy gesit is as 'n beskermd gebied in een van die kategorieë bedoel in artikel 8(1); (xxv)

(iii) “biologiese verskeidenheid” genetiese verskeidenheid, spesieverskeidenheid en ekosisteemverskeidenheid; (i)

(iv) “boom” ook enige boomsaailing, boompie, uitgeplante boom of stomploot van enige ouderdom en enige wortel, tak of ander deel daarvan; (xxxv)

(v) “boomveld” 'n groep inheemse bome wat nie 'n natuurlike bos is nie maar waarvan die krone meer as vyf persent dek van die gebied wat ingesluit word deur die bome wat die perimeter van die groep vorm; (xxxix)

(vi) “bos” ook—

(a) 'n natuurlike bos, 'n boomveld en 'n plantasie;

(b) die bosopbrengs daarin; en

(c) die ekosisteme waaruit dit bestaan; (x)

(vii) “bosbeampte” 'n persoon aangewys of aangestel as 'n bosbeampte kragtens artikel 65; (xii)

(viii) “bosbestuurseenheid” 'n stuk grond waarop of dele daarvan waarop daar bosse is en wat as 'n geïntegreerde eenheid bestuur word; (xi)

(ix) “bosbou” die bestuur van bosse, insluitende die bestuur van grond wat nie bebos is nie maar wat deel van 'n bosbestuurseenheid uitmaak; (xv)

(x) “bosopbrengs” enigiets wat in 'n bos voorkom of groei, inslu

(a) enige lewende organisme, en enige produk daarvan in 'n bos; en

(b) nie-lewende voorwerpe van minerale, geskiedkundige, antropologiese of kulturele waarde; (xiii)

(xi) “bosproduk” 'n voorwerp of stof gemaak van bosopbrengs deur 'n meganiese of chemiese proses; (xiv)

(xii) “Departement” die nasionale Departement wat vir bosse verantwoordelik is; (vii)

(xiii) “die Trust” die Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse, ingestel by artikel 41; (xxxiii)

(xiv) “die Trustfondse” die fondse bedoel in artikel 41(5) tesame met enige ander geld daarna deur die Trust ontvang; (xxxiv)

(xv) “die Wet” of “hierdie Wet” die Nasionale Wet op Bosse, 1998, en ook die regulasies ingevolge die Wet uitgevaardig; (xxxii)

(xvi) “Direkteur-generaal” die Direkteur-generaal van die Departement; (viii)

(xvii) “ekosisteem” 'n stelsel bestaande uit 'n groep lewende organismes, die verhouding tussen hulle en hulle fisiese omgewing; (ix)

(xviii) “gemeenskap” 'n samehangende maatskaplike groep persone met belange in of regte op 'n bepaalde stuk grond wat die lede gemeenskaplik besit of uitoefen ingevolge 'n ooreenkoms, gebruik of wet; (iv)

(xix) “gemeenskapsbosbou” bosbou deur 'n gemeenskap ingevolge 'n ooreenkoms bedoel in artikels 30 en 31; (v)

(xx)

“geregistreerde eienaar” 'n eienaar soos omskryf in artikel 102 van die Registrasie van Aktes

Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937); (xxviii)

(xxi) “habitat” die plek waar 'n plant of dier natuurlik groei of lewe; (xvi)

(xxii) “hout”—

(a) stompe; of

(b) hout wat gesaag of andersins meganies verwerk is; (xxxv)

(xxiii) “inheems” inheems in Suid-Afrika; (xvii)

(xxiv) “Komitee vir Toegang tot Bosse” die komitee ingestel ingevolge artikel 36(3)(b);

(iii)

(xxv) “Komitee vir Volhoubare Bosbestuur” die komitee ingestel ingevolge artikel 36(3)(a); (ii)

(xxvi) “Minister” die Minister aan wie die President verantwoordelikheid vir bosse opdra ingevolge artikel 91(2) van die Grondwet; (xviii)

(xxvii) “munisipaliteit” ’n plaaslike raad, ’n metropolitaanse raad, ’n metropolitaanse plaaslike raad, ’n verteenwoordigende raad, ’n landelike raad of ’n distrikraad soos omskryf in artikel 10B van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), en enige opvolger van so ’n raad; (xix)

(xxviii) “natuurlike bos” ’n groep inheemse bome—

(a) waarvan die krone grotendeels aanrakend is; of

(b) wat deur die Minister tot ’n natuurlike bos verklaar is kragtens artikel 7(2); (xx)

(xxix) “persoon” ook ’n regs persoon en ’n gemeenskap; (xxi)

(xxx) “plantasie” ’n groep bome gekweek vir die benutting van die hout, bas, blare of eteriese olies in die bome; (xxii)

(xxxi)

“provinsie” die premier van die provinsie wat sy of haar uitvoerende gesag uitoefen saam met die ander lede van die uitvoerende raad bedoel in artikel 132 van die Grondwet; (xxvii)

(xxxii) “Raad” die Nasionale Bosadviesraad, ingestel by artikel 33; (vi)

(xxxiii) “Staatsbos”—

(a)

(i) Staatsgrond, uitgesonderd trustbosse, wat verkry is of uitgehou word vir bosbou ingevolge hierdie Wet of enige vorige boswetgewing, tensy dit kragtens artikel 50(3) vrygestel is;

(ii) Staatsgrond, uitgesonderd trustbosse, wat aangewys is as gedemarkeerde Staatsbos of ’n soortgelyke benaming ingevolge enige vorige boswetgewing, tensy dit aan demarkeering onttrek is en nie meer vir bosbou gebruik word nie; en

(iii) trustbosse; en

(b) ook—

(i) Staatsplantasies, Staatsaagmeulens en Staatshoutverduursamings-installasies;

(ii) grond wat vir navorsingsdoeleindes of as boomkwekery deur die Departement beheer en bestuur word;

(iii) gebiede wat ingevolge artikels 8(1)(a) en (b) en 9 beskerm word;

(iv) ’n stuk Staatsgrond wat ingevolge vorige boswetgewing opsy gesit is vir die voorkoming van gronderosie of sandbeweging;

(v) ’n gebied in paragraaf (a) of paragraaf (b)(i) tot (iv) bedoel, waarvan eienaarskap of beheer oorgedra word na ’n persoon of Staatsorgaan beoog in artikel 53(2)(g)(i); (xxx)

(xxxiv) “Staatsgrond” grond wat by die nasionale of ’n provinsiale regering berus—

(a) insluitende grond wat in trust gehou word deur die Minister van Grondsake of die Ingonyama bedoel in die KwaZulu Ingonyama Trust Wet, 1994 (KwaZulu Wet No. 3 van 1994); maar

(b) uitgesonderd grond wat aan ’n munisipaliteit behoort; (xxxi)

(xxxv) “Staatsorgaan”—

(a) ’n Staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike

regeringsfeer; en

(b) 'n ander funksionaris of instelling wat 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare funksie verrig ingevolge enige wetgewing, maar uitgesonderd 'n hof of regterlike beampte; (xx)

(xxxvi) “trustbos” Staatsgrond wat—

(a) uitgehou is vir bosbou of verklaar is tot gedemarkeerde Staatsbos of 'n soortgelyke status ingevolge enige vorige boswetgewing; en

(b) te eniger tyd berus het by—

(i) die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust ingestel by artikel 4 van die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936);

(ii) die regering van enige gebied waarvoor daar 'n wetgewende vergadering ingestel is ingevolge die Grondwet van die Selfregerende Gebiede, 1971 (Wet No. 21 van 1971); of

(iii) die regering van die voormalige Republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei,

ondanks enige latere herroeping, intrekking of wysiging van die status van die bos as uitgehou of gedemarkeer, en die grense is dié wat gegeld het toe die bos die eerste keer gedemarkeer of, by ontstentenis van demarkering, die eerste keer uitgehou is vir bosbou; (xxxvii)

(xxxvii) “voertuig” ook enige vaartuig of lugvaartuig. (xxxviii)

(xxxviii) “voorskryf” by regulasie voorskryf; (xxiv)

(xxxix) “vorige boswetgewing”—

(a) die wette bedoel in die Bylae by die Boswet, 1913 (Wet No. 16 van 1913);

(b) die Boswet, 1913 (Wet No. 16 van 1913);

(c) die Bos (Demarkatie) Wet, 1917 (Wet No. 14 van 1917);

(d) die regulasies uitgevaardig ingevolge die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), en afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 494 van 2 April 1937;

(e) die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941);

(f) die regulasies uitgevaardig ingevolge die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), en die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), en afgekondig in Goewermentskennisgewing No. R191 van 8 September 1967;

(g) die Goewermentskennisgewings bedoel in regulasie 27 van die Goewermentskennisgewing bedoel in paragraaf (f);

(h) die Boswet, 1968 (Wet No. 72 van 1968);

(i) die wette bedoel in kolom 1 van Bylae 1 by die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994 (Wet No. 51 van 1994);

(j) die wette bedoel in Bylae 1 by hierdie Wet;

(k) enige ander wet wat voorsiening gemaak het vir die demarkering van bosse of die verkryging of uithou van grond vir bosbou; en

(l) enige wysigings van die wette bedoel in paragrafe (a) tot (k). (xxiv)

(2) Woorde wat afgelei is van die omskrewe woorde het ooreenstemmende betekenis, tensy die samehang anders aandui.

(3) 'n Redelike uitleg van 'n bepaling wat versoenbaar is met die oogmerke van hierdie Wet moet verkies word bo 'n alternatiewe uitleg wat nie daarmee versoenbaar is nie.

(4) Nóg—

(a) 'n verwysing na 'n plig om bepaalde persone of owerhede te raadpleeg; nóg

(b) die afwesigheid van enige verwysing na 'n plig om te raadpleeg of aan te hoor, in hierdie Wet stel die beampte of owerheid wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig verrig, vry van die plig om billik op te tree ten opsigte van alle persone wat daarop geregtig is om aangehoor te word.

(5) Verduidelikende aantekeninge, in vetdruk en kursief gedruk, aan die begin van Hoofstukke en Dele moet nie gebruik word om hierdie Wet uit te lê nie.

HOOFSTUK 2 VOLHOUBARE BOSBESTUUR

Die doel van hierdie Hoofstuk is om die volhoubare bestuur van bosse te bevorder.

Deel 1 Bestuur

Deel 1 noem beginsels van volhoubare bosbestuur, wat van toepassing is op alle amptelike besluite rakende bosse, hetsy ingevolge hierdie Wet of ander wette. Die Minister word die bevoegdheid verleen om—

* maatstawwe, aanwysers en standarde te stel vir die evaluering en afdwinging van volhoubare bosbestuur; en

* aansporings te voorsien om bosse volhoubaar te bestuur, op advies van die Komitee vir Volhoubare Bosbestuur.

Beginsels om leiding te gee aan besluite rakende bosse

3. (1) Die beginsels in subartikel (3) uiteengesit, moet op 'n gebalanseerde wyse oorweeg en toegepas word—

(a) by die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig ingevolge hierdie Wet;

(b) by die ontwikkeling en implementering van regeringsbeleid rakende bosse;

(c) by die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig ingevolge enige ander wetgewing waar die uitoefening van daardie bevoegdheid of die verrigting van daardie plig 'n uitwerking op 'n natuurlike bos of boomveld sal hê;

(d) by die uitreiking van 'n lisensie of ander magtiging betreffende die gebruik van water vir bebossing of bosbou ingevolge artikel 39(1) of 40(1) van die Nasionale Waterwet, 1998; en

(e) deur enige persoon wat ingevolge enige wetgewing 'n omgewingsinvloedevaluering moet doen ten opsigte van enige bedrywigheid wat 'n uitwerking op natuurlike bosse of boomveld sal of kan hê.

(2) 'n Staatsorgaan wat hierdie beginsels toepas, moet—

(a) die verskille tussen natuurlike bosse, boomveld en plantasies in aanmerking neem;

(b) beseft dat die bewaring van biologiese verskeidenheid binne plantasies bevorder moet word op 'n wyse wat versoenbaar is met die primêre ekonomiese doel waarvoor die plantasie gevestig is;

(c) slegs die beginsels toepas wat na sy mening tersaaklik is vir die besluit of handeling wat beoog word; en

(d) die gewig aan elke beginsel heg wat hy geskik ag.

(3) Die beginsels is dat—

(a) natuurlike bosse nie vernietig moet word nie behalwe in uitsonderlike omstandighede waar, na die mening van die Minister, 'n voorgestelde nuwe grondgebruik verkieslik is op grond van die ekonomiese, maatskaplike of omgewingsvoordele daarvan;

(b) 'n minimum oppervlakte van elke boomveldtipe bewaar moet word; en

(c) bosse ontwikkel en bestuur moet word ten einde—

(i) biologiese verskeidenheid, ekostelsels en habitate te bewaar;

(ii) die potensiële lewering van hulle ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvoordele vol te hou;

(iii) die billike verspreiding van hulle ekonomiese, maatskaplike, gesondheids- en omgewingsvoordele te bevorder;

(iv) hulle gesondheid en lewenskragtigheid te bevorder;

(v) natuurlike hulpbronne, veral grond en water, te bewaar;

(vi) erfenishulpbronne te bewaar en estetiese, kulturele en geestelike waardes te bevorder;

en

(vii) persone of kategorieë persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, te bevorder.

(4) Die Minister moet die minimum oppervlakte van elke boomveldtipe wat ingevolge subartikel (3)(b) bewaar moet word, bepaal op die grondslag van wetenskaplike advies.

Bevordering en afdwinging van volhoubare bosbestuur

4. (1) Vir doeleindes van hierdie artikel beteken “eienaar”—
- (a) die geregistreerde eienaar; of
 - (b) waar die geregistreerde eienaar beheer oor die betrokke bosbestuurseenheid aan ’n ander persoon of Staatsorgaan oorgedra het, hetsy by wyse van opdrag, delegasie, kontrak of andersins, daardie persoon of Staatsorgaan.
- (2) Die Minister—
- (a) kan—
 - (i) maatstawwe bepaal op die grondslag waarvan daar bepaal kan word of bosse volhoubaar bestuur word al dan nie;
 - (ii) aanwysers bepaal wat gebruik kan word om die stand van bosbestuur te meet; en
 - (iii) geskikte standarde met betrekking tot die aanwysers bepaal; en
 - (b) kan sertifiseringsprogramme en ander aansporings skep of bevorder om volhoubare bosbestuur aan te moedig, op advies van die Komitee vir Volhoubare Bosbestuur.
- (3) Die Minister moet—
- (a) die maatstawwe, aanwysers en standarde publiseer in die vorm van regulasies uitgevaardig kragtens artikel 53(2)(b);
 - (b) duidelik identifiseer waar die skending van 'n standaard 'n misdryf kan wees.
- (4) Die Minister kan die maatstawwe, aanwysers en standarde publiseer in die ander media wat hy of sy geskik ag.
- (5) Spesifieke streeks-, ekonomiese, maatskaplike en omgewingstoestande moet in aanmerking geneem word by die bepaling van maatstawwe, aanwysers en standarde.
- (6) Maatstawwe en aanwysers kan insluit, maar is nie beperk nie tot, dié vir die bepaling van—
- (a) die vlak van instandhouding en ontwikkeling van—
 - (i) boshulpbronne;
 - (ii) biologiese verskeidenheid in bosse;
 - (iii) die gesondheid en lewenskragtigheid van bosse;
 - (iv) die produktiewe funksies van bosse;
 - (v) die beskermende en omgewingsfunksies van bosse; en
 - (vi) die maatskaplike funksies van bosse;
 - (b) die vlak van die voorsiening van sosio-ekonomiese voordele; en
 - (c) die status en geskiktheid van die beleid en die wetgewende en institusionele raamwerk vir bosbestuur.
- (7) Die maatstawwe, aanwysers en standarde wat kragtens subartikel (2)(a) bepaal is—
- (a) kan nasionaal, op streekvlak of op spesifieke bosbestuurseenhede van toepassing wees;
 - (b) kan die grense identifiseer van die bosbestuurseenheid of -eenhede waarop dit van toepassing is;
 - (c) kan op alle of op spesifieke bostipes van toepassing wees;
 - (d) bind alle grondeienaars waarop daar bosse is in die gebied waar en van die tipe waarop die standarde van toepassing is;
 - (e) bind enige ander persone op wie dit uitdruklik van toepassing gemaak word.
- (8) Waar die skending van 'n bepaalde standaard 'n misdryf kan wees, kan 'n bosbeampte 'n eienaar wat daardie standaard skend, deur 'n skriftelike kennisgewing in kennis stel van—
- (a) die aard van die skending;
 - (b) die stappe wat die eienaar moet doen om die skending reg te stel; en
 - (c) die tydperk waarbinne hy of sy dit moet doen.
- (9) Die tydperk wat in die kennisgewing bepaal word, kan om goeie redes deur die Minister verleng word.
- Deel 2 Navorsing, monitering en verslagdoening Deel 2 verplig die Minister om toe te sien dat tersaaklike navorsing gedoen word en om die bestuur van bosse te moniteer. Die Minister moet minstens elke drie jaar aan die Parlement verslag doen oor die resultate van die

monitering. Bevordering van navorsing

5. (1) Die Minister moet navorsing doen of laat doen.

(2) Die navorsing moet die oogmerke van bosbeleid bevorder en moet in ooreenstemming wees met nasionale beleid en programme rakende wetenskap en tegnologie.

Plig om bosse te moniteer en inligting te versprei

6. (1) Die Minister moet bosse moniteer met verwysing na die aangeleenthede in artikel 4(6) bedoel.

(2) Die Minister moet die inligting wat uit monitering verkry word, aan die publiek versprei op 'n wyse wat na sy of haar mening volhoubare bosbestuur sal bevorder.

(3) Die Minister moet minstens elke drie jaar aan die Parlement verslag doen oor—

- (a) die feite en tendense wat uit die monitering na vore kom;
- (b) die vraag of die waargenome feite en tendense in landsbelang is;
- (c) die maatreëls wat getref word om negatiewe tendense teen te werk; en
- (d) enige ander aangeleentheid wat hy of sy geskik ag.

HOOFTUK 3 SPESIALE MAATREËLS OM BOSSE EN BOME TE BESKERM Deel 1

Verbod op vernietiging van natuurlike bosse

Deel 1 verbied die vernietiging van inheemse bome in enige natuurlike bos sonder 'n lisensie.

Verbod op vernietiging van bome in natuurlike bosse

7. (1) Niemand mag enige inheemse, lewende boom in 'n natuurlike bos afkap, versteur, beskadig of vernietig of enige sodanige boom uit 'n natuurlike bos verwyder of ontvang nie, behalwe ingevolge—

- (a) 'n lisensie uitgereik kragtens subartikel (4) of artikel 23; of
- (b) 'n vrystelling van die bepalings van hierdie subartikel deur die Minister in die Staatskoerant gepubliseer op advies van die Raad.

(2) Die Minister kan 'n groep inheemse bome—

- (a) waarvan die krone nie grotendeels aanrakend is nie; of
- (b) waar daar twyfel is oor of hulle krone grotendeels aanrakend is,

tot 'n natuurlike bos verklaar indien hy of sy van mening is, gegrond op wetenskaplike advies, dat die bome 'n bos uitmaak wat ingevolge hierdie Deel beskerm moet word.

(3) Die Minister verklaar 'n bos tot 'n natuurlike bos deur—

- (a) die publikasie van 'n kennisgewing in die Staatskoerant;
- (b) die publikasie van 'n kennisgewing in twee koerante wat in die gebied sirkuleer; en
- (c) die uitsaai van 'n kennisgewing oor twee radiostasies wat na die gebied uitsaai.

(4) Die Minister kan 'n lisensie uitreik vir die afkap, beskadiging of vernietiging van enige inheemse, lewende boom in, of die verwydering of ontvangs van enige sodanige boom uit, 'n natuurlike bos.

Deel 2 Beskermdede gebiede

Deel 2 stel die Minister in staat om sekere bosse tot beskermdede bosgebiede te verklaar. Dit sit die prosedure vir en die gevolge van sodanige verklaring uiteen. Dit maak voorsiening vir die bestuur van so 'n gebied.

Bevoegdheid om beskermdede gebiede opsy te sit

8. (1) Die Minister kan—

- (a) 'n Staatsbos of 'n deel daarvan verklaar; of
- (b) grond kragtens artikel 49 koop of onteien en dit verklaar; of
- (c) op versoek of met die instemming van die geregistreerde eienaar van grond buite 'n Staatsbos, dit verklaar,

tot 'n spesiaal beskermdede gebied in een van die volgende kategorieë:

- (i) 'n Bosnatuurreserveaat;
- (ii) 'n boswildernisgebied; of
- (iii) enige ander tipe beskermdede gebied wat in die volkereg of in die internasionale

praktyk erken word.

(2) Die Minister kan so 'n gebied verklaar slegs indien hy of sy van mening is dat dit nie reeds ingevolge ander wetgewing voldoende beskerm word nie.

Prosedure om beskermde gebiede te verklaar

9. (1) Alvorens die Minister 'n gebied kragtens artikel 8(1) verklaar, moet hy of sy—

(a) kennis gee van die voorstel om 'n beskermde gebied te verklaar en binne 'n bepaalde tydperk vir kommentaar en besware vra;

(b) oorweging skenk aan die kommentaar en besware wat in reaksie op die kennisgewing ontvang is; en

(c) in die geval van 'n trustbos, oorleg pleeg met die gemeenskappe wat op die grond aangrensend aan die voorgestelde beskermde gebied woon.

(2) Die Minister moet—

(a)

(i) die kennisgewing in subartikel (1) bedoel, publiseer in die Staatskoerant en in twee koerante wat in die gebied sirkuleer; en

(ii) sodanige kennisgewing uitsaai oor twee radiostasies wat na die gebied uitsaai; en

(b) die kennisgewing in subartikel (1) bedoel, lewer aan—

(i) die Raad;

(ii) die Komitee vir Omgewingskoördinerings, ingestel by artikel 12 van die Wet op Omgewingsbewing, 1989 (Wet No. 73 van 1989);

(iii) die lid van die uitvoerende raad verantwoordelik vir natuurbewaring in die provinsie waarin die gebied val;

(iv) die hoof- uitvoerende beampte van die plaaslike owerheid vir die gebied; en

(v) enige persoon of Staatsorgaan aan wie beheer oor die betrokke gebied oorgedra is, hetsy by wyse van opdrag, delegasie, kontrak of andersins.

(3) Die Minister verklaar 'n beskermde gebied deur 'n kennisgewing te publiseer in die media in subartikel (2)(a) bedoel, waarin—

(a) sy of haar besluit geboekstaaf word;

(b) die beskermde gebied genoem word; en

(c) die gebied wat opsy gesit word, beskryf word.

Gevolge van opsy sit van beskermde gebiede

10. (1) Niemand mag enige bosopbrengs in 'n beskermde gebied afkap, versteur, beskadig of vernietig of enige bosopbrengs uit 'n beskermde gebied verwyder of ontvang nie, behalwe—

(a) ingevolge die reëls gemaak vir die behoorlike bestuur van die gebied ingevolge artikel 11(2)(b);

(b) in die loop van die bestuur van die beskermde gebied deur die verantwoordelike Staatsorgaan of persoon;

(c) ingevolge 'n reg van serwituut;

(d) ingevolge magtiging van 'n lisensie verleen kragtens artikel 7(4) of 23;

(e) ingevolge 'n vrystelling kragtens artikel 7(1)(b) of 24(6); of

(f) in die geval van 'n beskermde gebied op grond buite 'n Staatsbos, met die instemming van die geregistreerde eienaar of omrede 'n ander reg wat die betrokke persoon toelaat om dit te doen,

behoudens die verbod in artikel 7(1).

(2) Die besluit om 'n beskermde gebied te verklaar mag nie herroep word nie en 'n beskermde gebied wat Staatsbos is, mag nie verkoop word nie en 'n serwituut oor 'n beskermde gebied mag nie verleen word nie sonder—

(a) dat die Minister dieselfde prosedure volg as wat vir die verklaring van die beskermde gebied vereis word; en

(b) die goedkeuring by besluit van die Parlement.

(3) Veranderinge aan die grense van 'n bestaande beskermde gebied vereis die nakoming van slegs subartikel (2)(a).

Bestuur van beskernde gebiede

11. (1) Die Minister is verantwoordelik vir die bestuur van die beskernde gebied.

(2) Die Minister moet—

(a) die beskernde gebied bestuur op 'n wyse wat versoenbaar is met die doel waarvoor dit ingestel is; en

(b) reëls maak vir die bestuur van die beskernde gebied ten einde die doel te bereik waarvoor die gebied beskermd word, tensy daar reeds geskikte reëls vir die gebied bestaan.

(3) Die Minister kan finansiële of ander bystand verleen aan die geregistreerde eienaar van grond bedoel in artikel 8(1)(c) vir die bestuur van 'n beskernde gebied.

Deel 3 Beskerming van bome

Deel 3 magtig die Minister om 'n boom, 'n groep bome, 'n boomveld of 'n boomsoort tot beskermd te verklaar. Die prosedure vir en die gevolge van hierdie verklaring word uiteengesit. 'n Noodprosedure word ingesluit om bome wat deur onmiddellike benadeling bedreig word, te beskermd.

Verklaring van bome tot beskernde bome

12. (1) Die Minister kan—

- (a) 'n bepaalde boom;
- (b) 'n bepaalde groep bome;
- (c) 'n bepaalde boomveld; of
- (d) bome wat tot 'n bepaalde spesie behoort,

tot 'n beskernde boom, groep bome, boomveld of spesie verklaar.

(2) Die Minister kan so 'n verklaring doen slegs indien hy of sy van mening is dat die boom, groep bome, boomveld of spesie nie reeds ingevolge ander wetgewing toereikend beskermd word nie.

(3) By die uitoefening van 'n diskresie ingevolge hierdie artikel moet die Minister die beginsels in artikel 3(3) uiteengesit, oorweeg.

Normale prosedure om bome tot beskernde bome te verklaar

13. (1) Behalwe in die omstandighede in artikel 14 bedoel, moet die Minister, alvorens hy of sy 'n verklaring kragtens artikel 12 doen—

(a) kennis gee van die voorstel om 'n boom, groep bome, boomveld of spesie te beskermd en kommentaar en besware binne 'n bepaalde tydperk vra; en

(b) die kommentaar en besware wat in reaksie op die kennisgewing ontvang is, oorweeg.

(2) Die Minister moet—

(a) die kennisgewing in subartikel (1) bedoel publiseer in die Staatskoerant en in twee koerante wat sirkuleer in, en uitsaai oor twee radiostasies wat uitsaai na—

- (i) die omgewing, in die geval van 'n bepaalde boom of groep bome of boomveld; of
- (ii) die hele land, in die geval van 'n spesie; en

(b) die kennisgewing lewer aan—

(i) die persone en liggame in artikel 9(2)(b) bedoel, in die geval van 'n bepaalde boom of groep bome of boomveld;

(ii) die liggame in subparagrafe (i) en (ii) van artikel 9(2)(b) bedoel, in die geval van 'n spesie.

(3) Nadat die Minister besluit het om 'n verklaring te doen, moet hy of sy 'n kennisgewing in die media in subartikel (2)(a) bedoel, publiseer—

(a) om sy of haar besluit te boekstaaf; en

(b) om die bepaalde boom of groep bome of boomveld of spesie wat beskermd moet word, te identifiseer.

Noodprosedure vir beskerming van bome

14. (1) Indien die Minister van mening is dat 'n boom wat ingevolge hierdie Deel beskermd staan te word, beskadig of vernietig kan word voordat 'n verklaring kragtens artikel 12 in werking kan tree, kan hy of sy kragtens hierdie artikel optree.

(2) Die Minister kan 'n boom of groep bome tydelik beskermd verklaar deur 'n kennisgewing te publiseer in twee koerante wat sirkuleer in, en uitsaai oor twee radiostasies wat uitsaai na—

- (a) die omgewing, in die geval van 'n bepaalde boom of groep bome of boomveld; of
- (b) die hele land, in die geval van 'n spesie.

(3) Die Minister kan kragtens subartikel (1) optree sonder om enige persoon te raadpleeg of aan te hoor indien die dringendheid van die situasie dit regverdig.

(4) Die verbod in artikel 15(1) bedoel, is van toepassing op 'n boom of groep bome wat tydelik beskerm word ingevolge hierdie artikel.

(5) Die tydelike beskerming verval wanneer—

- (a) die Minister 'n kennisgewing ingevolge artikel 13(3) publiseer; of
- (b) die Minister besluit om nie die bome kragtens artikel 12 te beskerm nie, in welke geval hy of sy 'n kennisgewing wat dit bevestig, moet publiseer in die media in subartikel (2) bedoel; of
- (c) die Minister versuim om ingevolge paragraaf (a) of (b) op te tree binne 12 maande na die dag waarop die kennisgewing in subartikel (2) bedoel, van krag geword het.

Gevolge van verklaring van beskermde bome

15. (1) Niemand mag—

- (a) enige beskermde boom afkap, versteur, beskadig, vernietig of verwyder nie; of
- (b) enige beskermde boom versamel, verwyder, vervoer, uitvoer, koop, verkoop, skenk of op enige ander wyse verkry of daarvoor beskik nie, behalwe kragtens 'n lisensie deur die Minister uitgereik.

(2) Die besluit om 'n boom, groep bome, boomveld of spesie beskermd te verklaar, mag nie herroep word nie en die kennisgewing in artikel 13(3) bedoel mag nie gewysig word nie sonder dat die Minister die prosedure in artikel 13 gevolg het.

(3) Die Minister moet—

- (a) 'n lys van alle spesies wat kragtens artikel 12 beskerm word; en
- (b) 'n geskikte waarskuwing van die verbod in subartikel (1) bedoel en die gevolge van die oortreding daarvan,

jaarliks publiseer in die Staatskoerant en in twee koerante wat landswyd sirkuleer.

Registrasie teen titelaktes

16. (1) Waar die Minister—

- (a) 'n bos tot 'n natuurlike bos verklaar het kragtens artikel 7(2); of
- (b) 'n bepaalde boom of groep bome of boomveld beskermd verklaar het kragtens artikel 12(1),

kan die Minister die registrateur van aktes vir die gebied versoek om 'n gepaste aantekening te maak.

(2) By ontvangs van so 'n versoek moet die registrateur van aktes in sy of haar registers 'n aantekening van die besonderhede van sodanige verklaring maak ingevolge artikel 3(1)(w) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937).

(3) Die Staat verkry geen regte—

- (a) op die grond waarop enige natuurlike bos of enige beskermde boom geleë is; of
 - (b) op enige boom of bosopbrengs,
- as gevolg van die verbod in artikel 7(1) of 'n verklaring kragtens artikel 7(2), 12(1), 14(1) of 17(2) of die maak van 'n aantekening ingevolge hierdie artikel nie.

Deel 4 Maatreëls om ontbossing te beheer en reg te stel

Deel 4 verleen aan die Minister bevoegdhede om dringend in te gryp ten einde ontbossing te voorkom en ontboste gebiede te rehabiliteer. Die prosedure vir en die gevolge van die uitoefening van hierdie bevoegdhede word uiteengesit. Dit bepaal ook dat die Minister 'n ooreenkoms met die eienaar kan aangaan om die situasie reg te stel.

Bevoegdheid om beheerde bosgebiede te verklaar

17. (1) Vir doeleindes van hierdie artikel beteken “eienaar”—

- (a) die geregistreerde eienaar; en

(b) waar die geregistreerde eienaar beheer oor die betrokke bosbestuurseenheid aan 'n ander persoon of Staatsorgaan oorgedra het, hetsy by wyse van opdrag, delegasie, kontrak of andersins, daardie persoon of Staatsorgaan.

(2) Indien die Minister van mening is dat dringende stappe nodig is vir—

(a) die voorkoming van die ontbossing of verdere ontbossing; of

(b) die rehabilitasie,

van 'n natuurlike bos of 'n boomveld wat kragtens subartikel 12(1) beskerm word en deur ontbossing bedreig word of ontbos word of ontbos is, kan hy of sy dit 'n beheerde bosgebied verklaar.

(3) Die Minister verklaar 'n beheerde bosgebied deur die publikasie van 'n kennisgewing in twee koerante wat sirkuleer in, en deur die uitsaai oor twee radiostasies wat uitsaai na, die omgewing, waarin—

(a) sy of haar besluit geboekstaaf word;

(b) 'n vaste tydperk gemeld word waartydens die verklaring geld;

(c) die gebied beskryf word;

(d) die bedrywighede geïdentifiseer word wat verbied is of word in die gebied ingevolge subartikel (4);

(e) die stappe geïdentifiseer word wat ingevolge subartikel (4)(e) en, indien van toepassing, subartikel (4)(f) gedoen moet word om ontbossing te voorkom of reg te stel.

(4) Die Minister kan, in die kennisgewing in subartikel (3) bedoel—

(a) enige persone wat die reg van toegang in artikel 19 bedoel, wil uitoefen, belet om die gebied binne te gaan;

(b) enige persoon belet om bosopbrengs uit die gebied te verwyder;

(c) enige ander bedrywigheid wat ontbossing kan veroorsaak of rehabilitasie kan voorkom, verbied;

(d) lisensies uitgereik kragtens hierdie Wet ten opsigte van die gebied opskort;

(e) van die eienaar vereis om bepaalde stappe te doen om ontbossing te voorkom of om die natuurlike bos of boomveld te rehabiliteer; en

(f) van die eienaar vereis om 'n plan vir volhoubare bosbestuur vir die gebied voor te lê en daaraan te voldoen.

(5) Die kennisgewing is van krag met ingang van die datum van die publikasie daar-van in die koerante en die uitsaai daarvan oor die radiostasies in subartikel (3) bedoel.

(6) Die Minister kan die tydperk waartydens die kennisgewing van krag is, verleng.

(7) Die Minister moet eksemplare van die kennisgewing laat—

(a) aflewer aan die eienaar, die houers van enige lisensies kragtens hierdie Wet verleen ten opsigte van die gebied en enige ander belanghebbende persone wat aan die Minister bekend is; en

(b) publiseer in die Staatskoerant.

(8) Die Minister kan die verhore wat vereis word deur die plig om billik te werk te gaan by die verklaring van 'n beheerde bosgebied, voer op 'n wyse wat in ooreenstemming met die dringendheid van die situasie is.

(9) Die Minister kan, in plaas van of benewens die verklaring van 'n beheerde bosgebied, 'n ooreenkoms met die eienaar en enige ander belanghebbende persone aangaan wat—

(a) die stappe beskryf wat gedoen moet word om ontbossing te voorkom of die natuurlike bos of boomveld te rehabiliteer;

(b) verantwoordelikheid vir die bestuur van die gebied toewys;

(c) 'n plan vir volhoubare bosbestuur vir die gebied aanneem; en

(d) enige bystand meld wat die Minister sal verleen ten einde die eienaar in staat te stel om aan die ooreenkoms te voldoen.

(10) By gebrek aan 'n ooreenkoms kan die Minister beamptes van die Departement of enige ander persoon magtig om die stappe te doen wat nodig is om in 'n beheerde bosgebied

ontbossing te voorkom of die bos of boomveld te rehabiliteer.

(11) Enige beampte van die Departement of ander persoon deur die Minister gemagtig, het redelike toegang tot die gebied ten einde uitvoering aan hierdie artikel te gee.

(12) Die Minister kan finansiële of ander bystand aan die eenaar verleen ten einde hom of haar in staat te stel om enige plig wat kragtens hierdie artikel opgelê is, na te kom.

Reg om om beskerming aansoek te doen

18. (1) Enige natuurlike of regs persoon of enige Staatsorgaan kan by die Minister aansoek doen om 'n bos, boom of groep bome kragtens hierdie Hoofstuk te beskerm.

(2) Die aansoeker moet op die voorgeskrewe wyse aansoek doen.

HOOFSTUK 4 GEBRUIK VAN BOSSE

Hierdie Hoofstuk reguleer 'n wye verskeidenheid gebruike van primêr Staatsbosse, wat wissel van rekreasiegebruik tot kommersiële en gemeenskapsbosbou.

Deel 1 Toegang vir rekreasie en verwante doeleindes

Deel 1 gee 'n uiteensetting van elkeen se reg op toegang tot Staatsbosse vir die doel van rekreasie, opvoeding, kultuur of geestelike vervulling. Hierdie reg kan beperk word. Die prosedure vir die stel van hierdie beperkings word beskryf. Die Minister, in sy of haar hoedanigheid van trustee van die Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse, kan ook stappe doen om die vrywillige verlening van toegang tot bosse wat buite Staatsbeheer val, te bevorder. Daar word ook beperkte voorsiening gemaak vir finansiële bystand aan eenaars en vergoeding indien hulle skade ly omdat hulle toegang verleen het.

Toegang tot Staatsbosse vir ontspanning, opvoeding, kultuur of geestelike vervulling

19. Elkeen het redelike toegang tot Staatsbosse vir doeleindes van ontspanning, opvoeding, kultuur of geestelike vervulling, behoudens—

(a) hierdie Wet;

(b) enige voorwaardes deur die Minister bepaal; en

(c) beperkings op toegang tot enige gebied wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet vir omgewingsdoeleindes beskerm word.

Regulering van toegang tot Staatsbosse

20. (1) Vir doeleindes van hierdie artikel beteken “eenaar” enige persoon of Staatsorgaan aan wie beheer oor die betrokke bosbestuurseenheid oorgedra is, hetsy by wyse van opdrag, delegasie, kontrak of andersins.

(2) Die eenaar van elke Staatsbos moet gebiede in die bos aanwys vir toegang kragtens artikel 19.

(3) Die eenaar moet 'n kaart saamstel wat die aangewese gebiede toon, asook 'n stel skriftelike reëls wat toegang reël en wat voorsiening kan maak vir—

(a) betaling aan die eenaar van 'n redelike bedrag vir die kaart, die gebruik van fasiliteite en die lewering van enige dienste; en

(b) redelike beperkings op toegang, insluitende maar nie beperk nie tot—

(i) beperkings op die getal mense wat op 'n keer in die bos toegelaat word;

(ii) beperkings op die vervoermodusse in 'n bos;

(iii) beperkings om brande te voorkom;

(iv) voorsiening vir die sluit van bosse vir bepaalde tydperke;

(v) beperkings om skade aan enige persoon of eiendom te voorkom;

(vi) beperkings in 'n plantasie om te verseker dat die behoorlike bestuur daarvan vir kommersiële doeleindes nie verydel word nie;

(vii) beperkings in 'n beskermde gebied om te verseker dat die doeleindes waarvoor die gebied as sodanig verklaar is, nie verydel word nie; en

(viii) verskillende beperkings vir verskillende bostipes.

(4) In 'n beskermde gebied kan die kaart en reëls opgeneem word in die reëls in artikel 11(2)(b) bedoel.

(5) (a) Die eenaar moet die reëls binne ses maande na die promulgering van hierdie Wet aan die

(b) Totdat die kaart en reëls gemaak is, word toegang tot enige Staatsbos vir ontspanning, opvoeding, kultuur of geestelike vervulling gereguleer asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

(6) Die Direkteur-generaal—

(a) kan die aangewese gebied en die reëls wysig;

(b) moet, waar die eenaar versuim om 'n gebied aan te wys of reëls te maak binne die tydperk van ses maande, so 'n gebied aanwys, 'n kaart opstel en sodanige reëls maak; en

(c) moet 'n gebied aanwys vir openbare toegang en 'n kaart opstel en reëls maak soos in subartikel (3) uiteengesit, waar beheer oor 'n bosbestuurseenheid nie oorgedra is soos in subartikel (1) bedoel nie.

(7) (a) 'n Eenaar wat beswaar maak teen—

(i) 'n verandering deur of teen reëls gemaak deur die Direkteur-generaal ingevolge subartikel (6); of

(ii) die wyse waarop die publiek of lede van die publiek hulle reg van toegang uitoefen;

en

(b) 'n lid van die publiek wat beswaar maak teen—

(i) die aanwysing of die reëls;

(ii) die bedrag wat vir die kaart, fasiliteite of dienste gevra word; of

(iii) enige optrede van die eenaar met betrekking tot sy of haar reg van toegang,

kan 'n skriftelike beswaar by die Direkteur-generaal indien.

(8) Die Direkteur-generaal kan 'n vergadering van die belanghebbende partye belê om 'n ooreenkoms te bereik aangaande die beswaar, of kan 'n bemiddelaar wat vir die belanghebbende partye aanvaarbaar is, uit die paneel in artikel 45 bedoel, aanstel om dit te doen.

(9) Indien die aangeleentheid nie ingevolge subartikel (8) opgelos word nie, moet die Direkteur-generaal die aangeleentheid na die Minister verwys, wat—

(a) oor die beswaar moet besluit; of

(b) 'n arbiter uit die paneel in artikel 45 bedoel, moet aanstel om dit te doen.

(10) Die beslissing van die Minister of die arbiter—

(a) kan van die eenaar vereis om die aanwysing of die reëls te verander; of

(b) kan die aanwysing en reëls soos deur die eenaar gemaak, bevestig; of

(c) kan van die Direkteur-generaal vereis om die aanwysing of die reëls deur hom of haar gemaak, te verander; en

(d) is finaal en bindend vir die belanghebbende partye, behoudens die reg van hersiening van administratiewe optrede.

(11) Die eenaar moet die kaart en reëls beskikbaar stel aan enige persoon wat die reg van toegang tot die bos uitoefen.

(12) Indien 'n eenaar die reëls wil verander, moet hy of sy die gewysigde reëls by die Direkteur-generaal indien, waarna die prosedure in subartikels (6) tot (10) weer geld.

(13) Elkeen is geregtig op inligting van die Departement betreffende die reg van toegang, insluitende kaarte en reëls, by betaling van 'n redelike bedrag wat deur die Direkteur-generaal bepaal word.

Toegang tot ander bosse as Staatsbosse

21. (1) Die Minister, in sy of haar hoedanigheid van trustee van die Trust, kan stappe doen om die vrywillige verlening van toegang tot ander bosse as Staatsbosse deur die geregistreerde eenaars van sodanige bosse te bevorder.

(2) Die geregistreerde eenaar kan by die Minister 'n kaart indien wat die aangewese gebiede vir openbare toegang duidelik toon, asook 'n stel skriftelike reëls wat die voorwaardes bevat waarop hy of sy bereid is om toegang toe te laat.

(3) Op versoek van—

(a) iemand wat toegang verlang tot 'n ander bos as 'n Staatsbos; of

(b) 'n geregistreerde eienaar van so 'n bos, kan die Minister onderhandel, of 'n fasiliteerder aanstel uit die paneel in artikel 45 bedoel om onderhandelinge te fasiliteer, met belanghebbende partye met die doel om te bepaal of en op watter voorwaardes 'n geregistreerde eienaar van so 'n bos gewillig is om toegang aan die publiek te verleen.

(4) Waar die Minister van mening is dat dit geregverdig en bekostigbaar is, kan hy of sy—

(a) finansiële of ander bystand uit die Trustfonds verleen vir die ontwikkeling van 'n gebied vir openbare toegang in 'n ander bos as 'n Staatsbos;

(b) 'n geregistreerde eienaar van so 'n bos uit die Trustfonds vergoed vir verliese gely deur die verlening van toegang aan die publiek tot so 'n bos.

(5) Niemand aan wie toegang tot 'n ander bos as 'n Staatsbos verleen is, mag hom of haar inneng in die privaathed of skade aanrig aan die eiendom van die geregistreerde eienaar nie.

Deel 2 Vestiging en verlening van regte om Staatsbosse te gebruik

Deel 2 vestig die reg om Staatsbosse en die bosopbrengs daarin te gebruik en te bestuur in die Staat, verteenwoordig deur die Minister. Daar word voorsiening gemaak vir die oordrag van regte in Staatsbosse deur middel van lisensies, serwitute, huurooreenkomste en ooreenkomste om bosopbrengs te verkoop. Daar is ook 'n bepaling om botsende regte in Staatsbosse te vermy.

Vestiging van regte

22. (1) Die regte op—

(a) die gebruik, bestuur, beheer en bedryf van; en

(b) die bosopbrengs in,

Staatsbosse, setel in die nasionale uitvoerende gesag van die Republiek, verteenwoordig deur die Minister, ondanks enige andersluidende wet maar behoudens—

(i) hierdie Wet;

(ii) 'n bevel van die Grondeishof wat regte in 'n Staatsbos herstel of toeken aan 'n eiser ingevolge artikel 35(1) van die Wet op Herstel van Grondregte, 1994 (Wet No. 22 van 1994); en

(iii) regte wat beskerm word ingevolge die Wet op die Tussentydse Beskerming van Informele Grondregte, 1996 (Wet No. 31 van 1996).

(2) Die Minister, die Direkteur-generaal of 'n arbiter, na gelang van die geval, mag nie—

(a) 'n aanwysing of reëls kragtens artikel 11(2)(b) of 20(6) maak of verander nie;

(b) 'n besluit ingevolge artikel 20(10) neem nie;

(c) 'n lisensie kragtens artikel 23 verleen nie;

(d) 'n serwituut kragtens artikel 26 verleen nie; of

(e) 'n ooreenkoms kragtens artikel 27, 28 of 30 aangaan nie,

indien dit bots met 'n bestaande reg kragtens 'n lisensie, serwituut of ooreenkoms in hierdie Hoofstuk of artikel 77(2) bedoel en die persone daardeur geraak, nie daartoe ingestem het nie. Bedrywighele wat gelisensieer kan word in Staatsbosse

23. (1) Die Minister kan in 'n Staatsbos—

(a) die vestiging en bestuur van 'n plantasie;

(b) die vel van bome en die verwydering van hout;

(c) die afkap, versteuring, beskadiging of vernietiging van enige ander bosopbrengs;

(d) die verwydering of ontvangs van enige ander bosopbrengs;

(e) die gebruik van grond, strukture of geboue vir landbou-, kommersiële, kommunikasie-, huishoudelike, nywerheids-, woon- of vervoerdoeleindes;

(f) die gebruik van paaie;

(g) die beweging van water, elektrisiteit, gas, brandstof en enige ander ding oor 'n Staatsbos;

(h) die bou van enige pad, gebou of struktuur;

(i) die beweiding deur of oppas van diere;

(j) die bewerking van grond;

(k) jag en visvang;

(l) die gebruik van 'n Staatsbos vir ontspannings-, opvoedkundige, kulturele of geestelike

doeleindes waar daar nie 'n reg op sodanige gebruik kragtens artikel 19 is nie; en

(m) die gebruik van 'n Staatsbos vir enige ander doel, indien dit versoenbaar is met die volhoubare bestuur van die bos, lisensieer.

(2) Niemand mag enige bedrywigheid waarvoor 'n lisensie vereis word, sonder sodanige lisensie in 'n Staatsbos beoefen nie, tensy—

(a) hy of sy kragtens artikel 24(6) vrygestel is;

(b) hy of sy optree binne die bestek van sy of haar diens of mandaat as 'n beampte, werknemer of agent van die Departement;

(c) hy of sy 'n reg het om die bedrywigheid te beoefen ingevolge die Wet op die Tussentydse Beskerming van Informele Grondregte, 1996 (Wet No. 31 van 1996).

(3) 'n Staatsorgaan moet 'n lisensie verkry om 'n bedrywigheid te beoefen waarvoor 'n lisensie vereis word.

Vereistes vir lisensiëring

24. (1) 'n Lisensie moet uitgereik word vir 'n tydperk—

(a) gelyk aan die tydperk waarvoor die bedrywigheid toegelaat word ingevolge 'n serwituut, huurooreenkoms, ooreenkoms om bosopbrengs te verkoop of gemeenskapsbosbou-ooreenkoms bedoel in hierdie Hoofstuk; of

(b) van hoogstens tien jaar in die geval van enige ander bedrywigheid.

(2) Die Minister kan voorwaardes heg aan die verlening van 'n lisensie.

(3) 'n Lisensiehouer moet die lisensiegeld betaal, tensy—

(a) hy of sy 'n huurooreenkoms kragtens artikel 26 aangegaan het;

(b) hy of sy 'n koper is ingevolge 'n ooreenkoms in artikel 28(1) bedoel;

(c) dit 'n gemeenskap is wat 'n ooreenkoms kragtens artikel 30 aangegaan het; of

(d) die lisensiehouer nie in staat is om te betaal nie ingevolge maatstawwe deur die Minister gestel.

(4) 'n Lisensiehouer kan—

(a) 'n lisensie oordra; of

(b) met 'n ander party kontrakteer om die bedrywigheide uit te voer wat deur die lisensie gemagtig word,

slegs met die skriftelike toestemming van die Minister.

(5) 'n Lisensie kan in 'n beskermde gebied verleen word slegs indien die gelisensieerde bedrywigheid nie die verwesenliking van die oogmerke waarvoor die beskermde gebied ingestel is, sal belemmer nie.

(6) (a) Die Minister kan persone of klasse persone vrystel van die lisensiëringsbepalings indien die voorgenome bedrywigheid net vir huishoudelike, kulturele, gesondheids- of geestelike doeleindes is.

(b) Die vrystelling word van krag sodra dit in die Staatskoerant gepubliseer word.

(7) Die Minister en enige ander Staatsorgane of persone aan wie die bevoegdheid om lisensies te verleen gedelegeer is, moet registers hou van alle lisensies verleen ingevolge hierdie artikel wat vir 'n jaar of langer uitgereik word.

(8) Die houer van 'n lisensie moet dit op versoek aan 'n bosbeampte of polisiebeampte toon.

(9) Niks in hierdie Wet belet of beïnvloed die verlening ingevolge enige wet van 'n reg om in 'n Staatsbos te prospekter na enige mineraal soos omskryf in die Mineralewet, 1991 (Wet No. 50 van 1991), of enige bronmateriaal soos omskryf in die Wet op Kernenergie, 1993 (Wet No. 131 van 1993), of om dit te ontgin of daaroor te beskik nie, maar die houer van so 'n reg mag nie enige bosopbrengs afkap, versteur, beskadig, vernietig of verwyder sonder 'n lisensie nie.

Wysigings, opskortings en intrekkinge

25. (1) Die lisensiehouer is verantwoordelik vir enige skade wat veroorsaak is deurdat daar nie aan die lisensie voldoen is nie.

(2) Die Minister kan 'n lisensie of 'n kategorie lisensies wysig, opskort of intrek indien—

(a) daar na sy of haar mening 'n wesenlike verandering is in die omstandighede wat bestaan het ten tyde van die verlening van die lisensie of lisensies wat sodanige wysiging, opskorting of intrekking vereis; of

(b) die lisensiehouer nie aan die lisensie voldoen nie.

(3) Alvorens die Minister kragtens subartikel (2)(b) optree, moet hy of sy aan 'n lisensiehouer 'n billike geleentheid bied om sy of haar nie-voldoening aan die lisensie reg te stel, tensy die Minister van mening is dat die bied van sodanige geleentheid tot ernstige benadeling van persone of eiendom sal lei.

Serwitute in Staatsbosse

26. (1) Die Minister kan 'n serwituut in 'n Staatsbos verleen indien—

(a) in die geval van ander Staatsbosse as trustbosse die Minister van Openbare Werke daartoe instem; of

(b) in die geval van trustbosse op grond wat in trust gehou word deur die Ingonyama bedoel in die KwaZulu Ingonyama Trust Wet, 1994 (KwaZulu Wet No. 3 van 1994), die owerheid met die nodige bevoegdheid ingevolge daardie Wet daartoe instem; of

(c) in die geval van ander trustbosse as dié in paragraaf (b) bedoel, die Minister van Grondsake daartoe instem; en

(d) dit nie met 'n bestaande reg bots nie; en

(e) dit nie die ekologie en die nuttige omvang van die Staatsbos wesenlik raak nie; en

(f) daar aan artikel 10(2) voldoen word waar dit 'n beskermde gebied is.

(2) Enige ooreenkoms wat met die Minister aangegaan word en wat die serwituut skep, kan die bepaling insluit wat hy of sy geskik ag, insluitende betaling vir die regte wat kragtens die serwituut verleen word.

(3) 'n Gemeenskap of lede van 'n gemeenskap aan wie 'n serwituut van reg van weg verleen is om na of van hulle huise te loop, is vrygestel van die betaling van sulke regte.

(4) Die Minister moet 'n register hou van alle serwitute wat kragtens subartikel (1) verleen word.

(5) Die Minister moet enige bedrywigheid lisensieer wat kragtens 'n serwituut toegelaat word.

(6) Geen serwituut of ander reg van enige aard in 'n Staatsbos mag deur verjaring verkry word nie.

Verhuring van Staatsbosse

27. (1) Die Minister kan 'n Staatsbos of 'n deel daarvan aan enige persoon verhuur indien—

(a) in die geval van ander Staatsbosse as trustbosse, die Minister van Openbare Werke daartoe instem;

(b) in die geval van trustbosse op grond wat in trust gehou word deur die Ingonyama bedoel in die KwaZulu Ingonyama Trust Wet, 1994 (KwaZulu Wet No. 3 van 1994), die owerheid met die nodige bevoegdheid ingevolge daardie Wet daartoe instem; en

(c) in die geval van ander trustbosse as dié in paragraaf (b) bedoel, die Minister van Grondsake daartoe instem.

(2) Die huurkontrak kan voorsiening maak vir—

(a) die beoefening deur die huurder van enige van die bedrywigheede in artikel 23(1) bedoel;

(b) die bestuur, beheer en bedryf van 'n Staatsbos vir kommersiële doeleindes;

(c) die bestuur, beheer en bedryf van 'n beskermde gebied;

(d) die verrigting deur die huurder van die Staat se verpligtinge om bosopbrengs uit daardie Staatsbos te verskaf;

(e) die indiening deur die huurder van en die nakoming van 'n plan vir volhoubare bosbestuur;

(f) die volhoubare bestuur van natuurlike bosse, boomvelde en ander habitatte wat binne die boshuurgebied val;

(g) die oprigting en bedryf van fasiliteite vir toerisme en ontspanning;

(h) die beslegting van geskille deur lede van die paneel in artikel 45 bedoel; en

(i) die ander aangeleenthede wat die partye geskik ag.

(3) Die Minister moet die bedrywigheede lisensieer wat die huurder ingevolge die huurkontrak

mag beoefen.

Ooreenkomste om bosopbrengs in Staatsbosse te verkoop

28. (1) (a) Die Minister;

(b) 'n persoon wat 'n huurooreenkoms kragtens artikel 27 aangegaan het;

(c) 'n party by 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms kragtens artikel 30 aangegaan; of

(d) die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk,

kan 'n ooreenkoms aangaan om hout of enige ander bosopbrengs in 'n Staatsbos aan enige ander persoon te verkoop.

(2) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) bedoel—

(a) moet voorsiening maak vir die beëindiging van die kontrak te eniger tyd nadat dit in werking getree het deur enige party na 'n kennistydperk van hoogstens vyf jaar, tensy die Minister tot 'n langer tydperk instem;

(b) mag nie die verkoper verplig om 'n hoeveelheid hout of ander bosopbrengs te lewer nie wat groter is as wat die bos waarop die ooreenkoms betrekking het, op 'n volhoubare grondslag tydens die termyn van die kontrak, of 'n siklus binne 'n kontrak, gelewer het, tensy enige tekort die gevolg was van nalatigheid van die verkoper;

(c) mag nie regte verleen nie wat bots met die huurooreenkoms of gemeenskapsbosbou-ooreenkoms in subartikel (1)(b) of (c) bedoel of 'n ooreenkoms in artikel 77(2) bedoel met die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk.

(3) 'n Bepaling van 'n ooreenkoms wat strydig is met subartikel (2), is ongeldig en die ooreenkoms word geag aangegaan te wees op die bepalings in subartikel (2) uiteengesit.

(4) Die Minister moet die bedrywighede lisensieer wat die koper ingevolge 'n ooreenkoms om hout of ander bosopbrengs te verkoop, behoudens subartikel (5), mag beoefen.

(5) 'n Ooreenkoms om hout of ander bosopbrengs in enige Staatsbos te verkoop, wat reeds van krag is op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, is, ondanks die bepalings van die ooreenkoms, onderworpe aan die volgende:

(a) Enige party kan verkies om die ooreenkoms te beëindig op enigeen van die volgende

(i) vyf jaar skriftelike kennis aan die ander; of

(ii) sodanige langer of korter kennistydperk as waarvoor die ooreenkoms voorsiening maak;

(b) kennis ingevolge subparagraaf (i) van paragraaf (a) kan te eniger tyd na die inwerkingtreding van hierdie Wet gegee word;

(c) alvorens die verkoper ingevolge subparagraaf (i) van paragraaf (a) optree, moet die Minister van mening wees dat—

(i) dit een of meer van die oogmerke in artikel 1 bedoel, sal bevorder; en

(ii) die koper teen die einde van die kennistydperk 'n geleentheid redelike opbrengs te kry op enige beleggings wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet primêr as gevolg van die ooreenkoms gemaak is;

(d) indien enige party verkies om die ooreenkoms ingevolge subparagraaf (i) van paragraaf (a) te beëindig, hoef hy of enige ander persoon of Staatsorgaan geen vergoeding te betaal aan, of enige bates te koop van, enige ander party nie, behalwe dat die Staat die koper moet vergoed vir enige verbeteringe wat die koper in 'n Staatsbos opgerig het ingevolge of as gevolg van die

(i) die verkoper die ooreenkoms beëindig het; en

(ii) die koper die verbeteringe moet ontruim as gevolg van die beëindiging;

(e) die verkoper is nie verplig om 'n hoeveelheid hout of ander bosopbrengs aan die koper te lewer wat groter is as wat die bos op 'n volhoubare grondslag tydens die termyn van die kontrak, of 'n siklus binne 'n kontrak, gelewer het nie, tensy enige tekort die gevolg was van nalatigheid van die verkoper;

(f) die beëindiging van die ooreenkoms ingevolge subparagraaf (i) van paragraaf (a) is nie 'n

verbreking van die ooreenkoms nie.

(6) Die vergoeding vir verbeteringe in paragraaf (d) van subartikel (5) bedoel, is nie betaalbaar nie indien die ooreenkoms—

(a) beëindig word nie vroeër as 'n datum waarop die ooreenkoms wettiglik beëindig sou kon word as hierdie Wet nie gepromulgeer is nie; en

(b) nie voorsiening maak nie vir—

(i) vergoeding vir verbeteringe; of

(ii) die aankoop deur die verkoper van enige bates van die verkoper,

by beëindiging.

(7) 'n Tekort in subartikel (2)(b) of (5)(e) bedoel, mag nie aangevul word uit die bos waarop die ooreenkoms betrekking het nie.

Deel 3 Gemeenskapsbosbou

Deel 3 stel gemeenskappe wat by gemeenskapsbosbou betrokke wil raak, in staat om ooreenkomste met die Minister aan te gaan. Die prosedure vir die aangaan, en die minimum vereistes vir die inhoud, van sodanige ooreenkomste word uiteengesit. Die Minister kan finansiële of ander bystand beskikbaar stel vir gemeenskapsbosbou en sekere ander vorme van bosbou.

Aanbiedinge om gemeenskapsbosbou-ooreenkomste aan te gaan

29. (1) Enige gemeenskap wat—

(a) enigiets in 'n Staatsbos wil doen waarvoor 'n lisensie vereis word;

(b) 'n Staatsbos of deel daarvan wil bestuur, hetsy alleen of gesamentlik met 'n Staatsorgaan; of

(c) albei wil doen,

kan 'n aanbod aan die Minister doen om 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms aan te gaan met hom of haar en enige ander persoon of Staatsorgaan wat regtens daartoe moet instem.

(2) Die Minister kan gemeenskappe uitnooi om aanbiedinge voor te lê om gemeenskapsbosbou-ooreenkomste aan te gaan ten opsigte van 'n bepaalde Staatsbos of Staatsbosse.

(3) Die aanbod moet insluit—

(a)

besonderhede van die lidmaatskap van die gemeenskap;

(b) 'n eksemplaar of besonderhede van die konstitusie, wette of gebruike wat die gemeenskap reguleer;

(c) die bepalings van die aanbod;

(d) besonderhede van enige regte gehou deur die gemeenskap of enige van sy lede in die betrokke Staatsbos ingevolge die Wet op die Tussentydse Beskerming van Informele Grondregte, 1996 (Wet No. 31 van 1996); en

(e) enige ander voorgeskrewe inligting.

(4) Die Minister moet die aanbod ondersoek en kan in die proses—

(a) vasstel of daar ander gemeenskappe is wat moontlik aanbiedinge wil doen om 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms aan te gaan ten opsigte van die betrokke bos;

(b) sodanige gemeenskappe uitnooi om aanbiedinge te doen;

(c) oorleg pleeg met enige ander persone of Staatsorgane met 'n belang by die aangeleentheid;

(d) die geskiktheid van die bos vir gemeenskapsbosbou in vergelyking met die huidige of potensiële gebruike daarvan evalueer;

(e) vasstel of enige aanbieder gewillig is om die bepalings van sy aanbod te wysig ten einde enige besorgdhede van die Minister te akkommodeer, en indien wel, die aanbieder uitnooi om dit te wysig;

(f) in die geval van mededingende aanbiedinge, evalueer watter aanbiedings of aanbieders die geskikste is; en

(g) 'n fasiliteerder uit die paneel in artikel 45 bedoel, aanstel om te poog om 'n ooreenkoms tussen mededingende aanbieders te bereik.

Sluiting van gemeenskapsbosbou-ooreenkomste

30. (1) Die Minister kan—

- (a) enige aanbod verwerp;
- (b) 'n teenaanbod aan een of meer aanbieders maak; of
- (c) besluit om 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms met een of meer aanbieders ten opsigte van die betrokke Staatsbos aan te gaan.

(2) Indien die bos 'n trustbos is, kan die Minister so 'n ooreenkoms aangaan slegs indien—

- (a) in die geval van grond in trust gehou deur die Ingonyama bedoel in die KwaZulu Ingonyama Trust Wet, 1994 (KwaZulu Wet No. 3 van 1994), die owerheid met die nodige bevoegdheid ingevolge daardie Wet, daartoe instem; en

- (b) in die geval van ander grond, die Minister van Grondsake daartoe instem.

(3) Die Minister moet die bedrywighede wat die gemeenskap of gemeenskappe kragtens die gemeenskapsbosbou-ooreenkoms mag verrig, lisensieer.

(4) Die Minister hoef nie 'n openbare tenderproses te implementeer alvorens hy of sy 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms aangaan nie, ondanks enige ander wet, tensy hy of sy van mening is dat so 'n proses in 'n bepaalde geval nodig is.

Inhoud van gemeenskapsbosbou-ooreenkomste

31. (1) 'n Gemeenskapsbosbou-ooreenkoms—

- (a) mag nie onbillik diskrimineer nie;
- (b) moet die bestuursbevoegdhede identifiseer wat aan die gemeenskap of gemeenskappe gedelegeer word en dié wat deur die Minister behou word;
- (c) moet die bosgebied wat aan die ooreenkoms onderworpe is, akkuraat identifiseer;
- (d) moet die gelisensieerde bedrywighede wat die gemeenskap of gemeenskappe van voorneme is om te bedryf, identifiseer;
- (e) moet die gebruik en die bestuur van die bos reguleer op 'n wyse wat volhoubaar is;
- (f) moet die pligte van die onderskeie partye ingevolge die ooreenkoms identifiseer, insluitende betalings wat deur enige party gedoen moet word;
- (g) moet die partye by die ooreenkoms belet om hulle regte kragtens die ooreenkoms op enige wyse sonder die instemming van die Minister oor te dra;
- (h) moet voorsiening maak vir geskilbeslegting deur informele bemiddeling of arbitrasie, hetsy deur 'n lid van die paneel in artikel 45 bedoel of andersins; en
- (i) moet voorsiening maak vir regstellende maatreëls, insluitende die opskorting of intrekking van die gemeenskapsbosbou-ooreenkoms, in die geval van 'n skending.

(2) 'n Gemeenskapsbosbou-ooreenkoms kan—

- (a) die bos hernoem;
- (b) onbepaald of vir 'n vaste tydperk wees;
- (c) 'n gemeenskap verplig om homself te rekonstitueer of 'n wettige wysiging aan sy konstitusie aan te bring;
- (d) van die gemeenskap of gemeenskappe vereis om 'n plan vir volhoubare bosbestuur wat vir die Minister aanneemlik is, in te dien en daaraan te voldoen;
- (e) 'n persoon wat nie 'n gemeenskap of 'n lid van die gemeenskap is nie en wat bosbou vir kommersiële, omgewings- of ander doeleindes wil beoefen, as party insluit;
- (f) voorsiening maak vir die bestuur van 'n beskermde gebied;
- (g) die gemeenskap verplig om die Staat se verpligtinge te verrig om bosopbrengs uit daardie bos te verskaf;
- (h) bepaal dat 'n gemeenskap nie huurgeld of soortgelyke vergoeding vir die regte wat aan hom verleen word, hoef te betaal nie, indien dit billik is met inagneming van—
 - (i) die gemeenskap se historiese verbintenis met die grond waarop die bos geleë is; of
 - (ii) die ekonomiese omstandighede van die gemeenskap;
- (i) 'n reg ingevolge die Wet op die Tussentydse Beskerming van Informele Grondregte, 1996 (Wet No. 31 van 1996), verruil vir 'n reg in die ooreenkoms; en

(j) die ander aangeleenthede wat voorgeskryf word of as wat die partye geskik ag, hanteer.
Bystand vir gemeenskapsbosbou

32. (1) In hierdie artikel sluit gemeenskapsbosbou, benewens die omskrywing daarvan, in—
(a) kleinskaalse plantasiebosbou deur persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is;
(b) die aanplant van bome deur enige persoon of Staatsorgaan om estetiese redes of om die gehalte van lewe te verbeter; en
(c) die volhoubare gebruik van 'n natuurlike bos of boomveld deur 'n gemeenskap anders as ingevolge 'n ooreenkoms in artikel 30 bedoel, in 'n landelike of 'n stedelike gebied en hetsy binne of buite 'n Staatsbos.

(a) inligting, opleiding, advies en bestuurs- en voorligtingsdienste vir gemeenskapsbosbou verskaf;

(b) kwekerie en ander fasiliteite vestig en in stand hou om saad en plante vir gemeenskapsbosbou te verskaf;

(c) materiële of finansiële bystand verleen vir gemeenskapsbosbou, insluitende herstel van 'n ramp, indien geen sodanige toekennings uit enige ander bron beskikbaar is nie.

(3) Die Minister kan 'n ooreenkoms aangaan met 'n persoon of Staatsorgaan wat die aangeleenthede in subartikel (2) bedoel, reguleer.

HOOFSTUK 5 INSTELLINGS

Die verskillende instellings wat 'n rol speel om die Wet funksioneel te maak, word in hierdie Hoofstuk behandel.

Deel 1 Nasionale Bosadviesraad

Deel 1 handel oor die instelling, oogmerke, samestelling, vergaderings, personeelvoorsiening en befondsing van die Raad. Die Raad adviseer die Minister oor alle aspekte van bosbou in die Republiek. Die Raad moet die Komitee vir Volhoubare Bosbestuur instel om die Raad, die Departement en die Minister oor alle aspekte van volhoubare bosbestuur te adviseer, asook die Komitee vir Toegang tot Bosse. Albei komitees is permanente komitees van die Raad.

Instelling en oogmerke van Nasionale Bosadviesraad

33. (1)

Die Nasionale Bosadviesraad word ingestel.

(2)

Die doel van die Raad is om die Minister te adviseer oor enige aangeleentheid rakende bosbou in die Republiek.

(3)

Die Minister moet die advies wat deur die Raad aan hom of haar gegee word, oorweeg en daarop reageer.

(4)

(a) Die Bosbouraad en die Bosbounywerheidsfonds bedoel in artikels 47 tot 56 van die Boswet, 1984 (Wet No. 122 van 1984), word ontbind.

(b) Die bates, as daar is, van die Bosbounywerheidsfonds berus by die Staat.

(5)

Die Nasionale Bosbou-adviesraad bedoel in artikels 46A tot 46H van die Boswet, 1984, word ontbind.

(6)

(a) Die "Transkei Forestry Council" bedoel in artikel 3 van die Rasionalise-rings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994 (Wet No. 51 van 1994), word ontbind.

(b) Die bates, as daar is, van die Transkeise Bosbouraad berus by die Staat.

Samestelling van Raad

34.

(1)

Die Raad bestaan uit 'n maksimum van 20 lede en 'n minimum van 14 lede deur die Minister

ingevolge hierdie artikel aangestel.

(2)

By die doen van aanstellings in die Raad moet die Minister die belange balanseer van—

- (a) kategorieë persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is;
 - (b) gemeenskappe wat by gemeenskapsbosbou betrokke is;
 - (c) omgewingsbelangegroepes;
 - (d) persone wat kleinskaalse plantasiëbosbou beoefen;
 - (e) persone wat kleinskaalse houtverwerking beoefen;
 - (f) persone met kundigheid wat die Raad kan bystaan om sy oogmerke te bereik;
 - (g) die bosbedryf;
 - (h) die bosproduktebedryf; en
 - (i) vakbonde wat werknemers in die bos- en bosproduktebedryf verteenwoordig.
- (3) Telkens wanneer dit nodig is om die Raad aan te stel, moet die Minister—
- (a) benoemings vra deur middel van 'n kennisgewing wat in ten minste twee landswyd verspreide koerante gepubliseer word, en waarin 'n tydperk bepaal word waarbinne benoemings voorgelê moet word;
 - (b) 'n advieskomitee instel wat insluit die voorsitters van die portefeuljekomitees wat bosbou-aangeleenthede hanteer in die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies, of hulle afgevaardigdes, en 'n voorsitter vir die komitee aanstel; en
 - (c) al die benoemings wat ontvang word, aan die advieskomitee voorlê.
- (4) Die advieskomitee moet 'n kortlys van geskikte kandidate opstel uit die benoemings en dit aan die Minister voorlê binne een maand nadat die benoemings ontvang is.
- (5) Die Minister moet die lede van die Raad aanstel na oorweging van die kortlys.
- (6) Die Minister kan—
- (a) 'n alternatiewe lid vir enige lid van die Raad aanstel; en
 - (b) 'n plaasvervanger aanstel vir enige lid wat sy of haar amp ontruim,
- op die grondslag van die maatstawwe in subartikel (2) bedoel.

(7)

Die plaasvervanger dien vir die res van die termyn van die persoon wat hy of sy vervang.

(8)

Die Minister moet een lid van die Raad as voorsitter en een lid as ondervoorsitter aanstel.

Voorwaardes vir aanstelling in Raad

35.

(1)

'n Lid van die Raad beklee die amp vir 'n tydperk van—

- (a) vier jaar in die geval van die voorsitter van die Raad; en
- (b) drie jaar in die geval van ander lede.

(2)

By verstryking van sy of haar ampstermyn kan 'n lid weer aangestel word.

(3)

'n Lid of alternatiewe lid van die Raad moet sy of haar amp ontruim indien—

- (a) die Minister te eniger tyd sy of haar ampstermyn om goeie redes beëindig na oorleg met die voorsitter van die Raad;
- (b) hy of sy nie meer sy of haar pligte in die Raad kan verrig nie;
- (c) hy of sy skuldig bevind word aan 'n oortreding en gevonnissen word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;
- (d) hy of sy van meer as twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is sonder verlof van die voorsitter; of
- (e) hy of sy bedank by wyse van skriftelike kennisgewing aan die Minister.

(4)

Lede van die Raad en lede van 'n komitee van die Raad wat nie in die voltydse diens van die

Staat is nie, kan vir hulle dienste betaal word, uitgesonderd vir die bywoning van Raadsvergaderings.

(5)

Die Minister moet die besoldiging en toelaes wat aan lede van die Raad en lede van 'n komitee van die Raad betaalbaar is, met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

Komitees van Raad

36.

(1)

Die Raad kan 'n uitvoerende komitee kies.

(2)

Die voorsitter van die Raad moet die voorsitter van die uitvoerende komitee wees.

(3)

Die Raad moet—

(a) die Komitee vir Volhoubare Bosbestuur; en

(b) die Komitee vir Toegang tot Bosse,

as permanente komitees van die Raad instel.

(4) Die permanente komitees moet persone insluit wat die belangegroep in artikel 34(2) bedoel, verteenwoordig en—

(a) in die geval van die Komitee vir Volhoubare Bosbestuur, 'n verteenwoordiger van die Departement van Omgewingsake en Toerisme deur sy Direkteur-generaal aangestel;

(b) in die geval van die Komitee vir Toegang tot Bosse, een of meer verteenwoordigers van vrywilligerorganisasies wat belangstel in ontspanningsbedrywighede in bosse, aangestel ingevolge subartikel (9).

(5) Die funksies van die Komitee vir Volhoubare Bosbestuur is om—

(a) die Raad, die Departement en die Minister te adviseer oor alle aspekte van volhoubare bosbestuur in die Republiek;

(b) die Departement en die Minister te adviseer oor die bepaling van maatstawwe, aanwysers en standarde vir volhoubare bosbestuur;

(c) die Departement te adviseer oor die sameroeping van forums vir belanghebbende persone om deel te neem aan die formulering van maatstawwe, aanwysers en standarde.

(6) Die funksies van die Komitee vir Toegang tot Bosse is om die Minister te adviseer oor—

(a) 'n beslissing in artikel 20(10) bedoel;

(b) die bevordering van die verlening en uitoefening van toegang tot bosse;

(c) die bevordering van opvoeding oor die volhoubare bestuur en gebruik van bosse;

(d) die gebruik van die Trustfondse.

(7) (a) 'n Besluit oor advies wat aan die Minister verleen moet word deur 'n permanente komitee, moet geneem word op die grondslag van eenstemmigheid.

(b) Indien eenstemmigheid nie verkry word nie, moet die Minister al die sienings wat in die komitee uitgedruk is, soos deur die voorsitter van die komitee meegedeel, oorweeg.

(8)

Die Raad kan ander komitees instel.

(9)

Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring, in een van die permanente komitees of 'n komitee in subartikel (8) beoog, persone aanstel wat nie lede van die Raad is nie maar wat die komitee kan bystaan in die verrigting van sy funksies.

(10)

Die Raad moet een lid van elke komitee as die voorsitter en een lid as die ondervoorsitter aanwys.

Vergaderings van Raad

37. (1)

Die Minister moet—

(a) die wyse vir die belê van, die kworum vir, en die prosedure op, vergaderings van die Raad bepaal;

(b) bepaal watter rekords die Raad moet hou;

(c) die wyse bepaal waarop die Raad advies aan hom of haar moet voorlê; en

(d) 'n gedragskode vir lede van die Raad bepaal.

(2)

Die Raad of 'n komitee kan enige persoon, insluitende 'n verteenwoordiger van die nasionale, 'n provinsiale of plaaslike regering, as waarnemer toelaat.

(3)

Die voorsitter van die Raad moet die Minister binne twee weke voorsien van advies of inligting voortspruitend uit enige vergadering.

Befondsing van Raad

38.

(1)

Die Raad word befonds deur geld wat deur die Parlement bewillig word.

(2)

Voor 31 Oktober van elke jaar moet die Raad 'n begroting van sy uitgawes vir die volgende boekjaar aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring.

(3)

Die Raad kan in die loop van 'n boekjaar bykomende of hersiene begrotings vir daardie jaar aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring.

(4)

Die Minister moet die begroting van die Raad insluit in sy of haar jaarlikse begroting vir die Departement wat vir goedkeuring aan die Parlement voorgelê word.

(5)

Die Raad moet so gou moontlik na die einde van elke boekjaar 'n verslag oor sy uitgawes vir daardie jaar aan die Minister voorlê.

(6)

Die boekjaar eindig op 31 Maart.

Personeel van Raad

39. Die Direkteur-generaal moet soveel beamptes en werknemers van die Departement as wat nodig is aanwys om die Raad en enige komitee van die Raad by te staan om die administratiewe en vakkundige werk van die Raad of van 'n bepaalde komitee te verrig.

Verslagdoening deur Raad

40.

(1)

Die Raad moet binne drie maande na die einde van die boekjaar 'n jaarverslag oor sy bedrywighede aan die Minister voorlê.

(2)

Die verslag deur die Raad moet insluit sy uitgaweverslag saamgestel ingevolge artikel 38(5).

Deel 2 Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse

Deel 2 handel oor die instelling van die Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse.

Instelling en oogmerke van Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse

41.

(1)

Die Nasionale Trust vir Ontspanning in en Toegang tot Bosse word ingestel.

(2)

Die Minister is die enigste trustee van die Trust.

(3)

(a) Die Nasionale Voetslaanpadraad bedoel in artikel 29;

(b) die komitees bedoel in artikels 40 en 41; en
(c) die Nasionale Voetslaanpadstelsel bedoel in artikel 28,
van die Boswet, 1984 (Wet No. 122 van 1984), word ontbind.

(4)

Administratiewe optrede ingevolge DEEL VII van die Boswet, 1984, is nie meer geldig nie, behalwe met betrekking tot die Nasionale Voetslaanpadfonds.

(5)

Die gelde tot krediet van die Nasionale Voetslaanpadfonds bedoel in artikel 36 van die Boswet, 1984, setel in die Minister in sy of haar hoedanigheid van trustee.

(6)

Die oogmerk van die Trust is om toegang tot en die gebruik van bosse vir ontspanning, opvoeding, kultuur of geestelike vervulling te bevorder.

(7)

Die Trust bestaan tot voordeel van die algemene publiek van die Republiek.

Bevoegdhede en pligte van Minister as trustee

42.

(1)

Die Minister moet alles doen wat nodig is om die oogmerk van die Trust te bereik.

(2)

Die Minister kan as trustee—

(a) op advies van die Komitee vir Toegang tot Bosse optree;

(b) skenkings en borgskappe werf en ontvang;

(c) fondse wat deur die Parlement bewillig is, ontvang;

(d) kontrakteer;

(e) geld in die Fonds gebruik;

(f) met enige Staatsorgaan of persoon saamwerk;

(g) navorsing laat doen;

(h) omgewingsopvoeding verskaf;

(i) inligting en ander openbare dienste verskaf;

(j) gelde vra vir goedere en dienste wat die Trust verskaf en lewer; en

(k) enige van sy of haar bevoegdhede en pligte as trustee deleger aan 'n benoemde beampte in die Departement.

Administrasie van Trustfondse

43.

(1)

Die Minister moet—

(a) 'n beampte van die Departement; of

(b) enige ander persoon, indien die Minister van Finansies daartoe instem,
as rekenpligtige beampte van die Trust aanstel.

(2)

Die rekenpligtige beampte moet rekenskap gee van geld wat deur die Trust ontvang en uitbetaal word en moet oor die algemeen die werk van die Trust met betrekking tot sy rekords, rekeninge en balansstate doen.

(3)

Die rekenpligtige beampte moet voor 31 Oktober elke jaar 'n begroting van die Trust se inkomste en uitgawes vir die volgende boekjaar aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring.

(4)

Die rekenpligtige beampte kan die begroting in die loop van 'n boekjaar hersien.

(5)

Die rekenpligtige beampte kan, met die instemming van die Minister, Trustfondse wat nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie, belê.

(6)

Enige kredietsaldo in die Trustfondse aan die einde van 'n boekjaar moet na die volgende boekjaar oorgedra word in die begroting van die Trust.

(7)

Die boekjaar eindig op 31 Maart.

(8)

Die rekenpligtige beampte moet rekord hou van—

- (a) die bates en laste van die Trust; en
- (b) die finansiële transaksies van die Trust.

(9)

Die rekenpligtige beampte moet, so gou moontlik na die einde van elke boekjaar, finansiële state opstel wat die Trust se bates en laste aan die begin en einde van die jaar en sy inkomste en uitgawes vir die jaar moet toon.

(10)

Die rekords, rekeninge en balansstate van die Trust moet elke jaar teen 'n ooreengekome bedrag of, by gebrek aan 'n ooreenkoms, teen 'n bedrag deur die Minister van Finansies bepaal, deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

Verslae deur Minister as trustee

44. Die Minister moet binne drie maande na die einde van elke boekjaar aan die Parlement—

- (a) 'n verslag oor die Trust se bedrywighele voorlê; en
- (b) geouditeerde finansiële state van die Trust voorlê.

Deel 3 Paneel van fasiliteerders, bemiddelaars en arbiters

Deel 3 verleen aan die Minister die bevoegdheid om 'n paneel in te stel waaruit fasiliteerders, arbiters en bemiddelaars gekies kan word vir die doel van geskilbeslegting. Sommige van die faktore wat hulle in aanmerking moet neem, word genoem.

Instelling van paneel

45.

(1)

Die Minister moet 'n paneel instel van persone uit wie die aanstelling van fasiliteerders, bemiddelaars en arbiters gedoen kan word vir die doeleindes in artikels 20(8), 20(9), 21(3), 27(2)(h), 29(4)(g) en 31(1)(h) bedoel.

(2) Die Minister kan, in plaas daarvan om 'n paneel ingevolge subartikel (1) in te stel—

(a) die paneel van arbiters ingestel ingevolge artikel 31(1) van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996 (Wet No. 3 van 1996), aanneem as die paneel waaruit sodanige aanstellings gedoen moet word;

(b) die vergoeding en toelaes wat ingevolge artikel 31(3) van daardie Wet bepaal is, aanvaar as die besoldiging en toelaes wat betaalbaar is vir dienste gelewer deur paneellede ingevolge hierdie Wet.

(3)

Indien die Minister 'n paneel saamstel ingevolge subartikel (1), moet hy of sy die besoldiging en toelaes wat aan paneellede betaal moet word, bepaal in oorleg met die Minister van Finansies.

(4)

Fasiliteerders, bemiddelaars en arbiters word besoldig slegs wanneer hulle uit die paneel aangestel of gekies is om in 'n bepaalde aangeleentheid op te tree.

(5)

'n Fasiliteerder, bemiddelaar of arbiter wat ingevolge hierdie Wet aangestel is, moet, waar toepaslik, die volgende faktore in aanmerking neem tesame met alle ander kwessies wat hy of sy in enige aangeleentheid moet oorweeg:

(a) Waar een of meer gemeenskappe partye by die geskil is, die historiese en kulturele verbintenis van die gemeenskap of gemeenskappe met die bos;

(b) die nodigheid om regverdige oplossings vir probleme in die bossektor te kry; en

- (a) met ingang van die datum van die opdrag;
- (b) in die gebied waarop die opdrag betrekking het;
- (c) totdat die opdrag eindig.

Delegering van bevoegdhede en pligte

48.

(1)

Die Minister kan die uitoefening van enige van sy of haar bevoegdhede, uitgesonderd 'n bevoegdheid in subartikel (4) bedoel, en die verrigting van enige van sy of haar pligte, delegeer aan—

- (a) 'n benoemde beampte in die Departement;
- (b) die bekleër van 'n amp in die Departement;
- (c) 'n Staatsorgaan;
- (d) 'n persoon wat nie 'n Staatsorgaan is nie.

(2)

Die Minister kan aan 'n persoon of 'n Staatsorgaan aan wie 'n bevoegdheid of plig verleen of gedelegeer is, toestemming verleen om daardie bevoegdheid of plig verder te delegeer.

(3)

'n Delegering in subartikel (1) bedoel en die toestemming in subartikel (2) bedoel—

- (a) moet skriftelik wees;
- (b) kan aan voorwaardes onderworpe wees;
- (c) moet die tydperk meld waartydens dit geldig is;
- (d) verhinder nie die Minister om self daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te

verrig nie.

(4) Die Minister mag nie die bevoegdheid of plig—

- (a) om toe te wys;
- (b) om regulasies uit te vaardig;
- (c) om beleid te ontwikkel; of
- (d) om 'n lid van die Raad aan te stel,

delegeer nie.

(5) Die Minister kan enige delegering intrek.

Onteining van eiendom

49.

(1)

Die Minister kan enige eiendom koop of onteien en dit vir bosbou of enige ander doel ingevolge hierdie Wet uitgehou indien—

- (a) daardie doel 'n openbare doel is of in openbare belang is; en
- (b) die Minister van Openbare Werke daartoe instem.

(2)

Grond wat kragtens subartikel (1) gekoop of onteien is vir bosbou, kan insluit grond wat nie bebos is nie of wat nie bebos sal word nie indien daardie grond as deel van die betrokke bosbestuurseenheid of bosbestuurseenhede bestuur sal word.

(3)

Die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), is van toepassing op alle onteienings kragtens hierdie Wet, en enige verwysing na die Minister van Openbare Werke in daardie Wet moet uitgelê word as 'n verwysing na die Minister vir die doeleindes van sodanige onteienings.

Uithou van Staatsgrond vir bosbou

50.

(1)

Die Minister kan Staatsgrond wat nie 'n Staatsbos is nie, vir bosbou uithou indien—

(a) in die geval van ander Staatsbosse as trustbosse, die Minister van Openbare Werke daartoe instem; of

(b) in die geval van trustbosse op grond wat in trust gehou word deur die Ingonyama bedoel in die KwaZulu Ingonyama Trust Wet, 1994 (KwaZulu Wet No. 3 van 1994), die owerheid met die nodige bevoegdheid ingevolge daardie Wet daartoe instem; of

(c) in die geval van ander trustbosse as dié in paragraaf (b) bedoel, die Minister van Grondsake daartoe instem.

(2)

Staatsgrond wat kragtens subartikel (1) vir bosbou uitgehou is, kan insluit grond wat nie bebos is nie of wat nie bebos sal word nie indien daardie grond as deel van die betrokke bosbestuurseenheid of bosbestuurseenhede bestuur sal word.

(3)

Die Minister kan 'n Staatsbos of deel van 'n Staatsbos wat nie meer vir bosbou nodig is nie, vrystel.

(4)

Die Minister behou Staatsgrond vir bosbou voor of stel dit vry by kennisgewing in die Staatskoerant.

Verrigting van funksies op ander grond

51. Die Minister kan beamptes in die Departement magtig om dienste in verband met bome op grond wat nie 'n Staatsbos is nie, te verrig—

- (a) op die versoek, of met die toestemming, van die geregistreerde eienaar;
- (b) op gepaste voorwaardes.

Verlengings

52. Die Minister kan 'n tydperk ingevolge hierdie Wet verleng of 'n versuim deur 'n persoon om

aan so 'n tydperk te voldoen, kondoneer, uitgesonderd 'n tydperk wat die Minister bind.

Inhoud van regulasies

53.

(1)

Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken “eienaar”—

(a) die geregistreerde eienaar; en

(b) waar die geregistreerde eienaar beheer oor die betrokke bosbestuurseenheid aan 'n ander persoon of Staatsorgaan oorgedra het, hetsy by wyse van opdrag, delegasie, kontrak of andersins, daardie persoon of Staatsorgaan.

(2) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat handel oor—

(a) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet by regulasie gehanteer moet word;

(b) die maatstawwe, aanwysers en standaarde in artikel 4(2)(a) bedoel, insluitende—

(i) die bepaling en afdwinging daarvan;

(ii) die skepping en bevordering van die aansporings in artikel 4(2)(b) bedoel;

(c) navorsing;

(d) die monitering van die boshulpbron, insluitende regulasies rakende—

(i) die registrasie van, en insameling van data van, eienaars van bosse;

(ii) die registrasie van, en insameling van data van, persone wat bosopbrengs oes, saag, verwerk of verkoop;

(iii) die insameling van data van instellings wat volhoubare bosbestuur sertifiseer;

(e) beskermde bome, insluitende—

(i) die bewerking en beweiding van grond rondom enige beskermde boom;

(ii) finansiële bystand vir die oprigting van veewerende heinings;

(iii) die maak en instandhouding van brandstroke vir die beskerming van so 'n boom;

(iv) die beheer oor die insameling, verwydering, vervoer, uitvoer, koop, verkoop of skenking van dele of opbrengs van beskermde bome;

(v) bestuursplanne vir beskermde bome;

(f) die bestuur van Staatsbosse oor die algemeen of van 'n bepaalde Staatsbos of deel daarvan;

(g) lisensies kragtens artikel 23, huurkontrakte kragtens artikel 27, ooreenkomste kragtens artikel 28 en gemeenskapsbosbou-ooreenkomste kragtens artikel 30, insluitende—

(i) die aanstelling en funksionering van 'n persoon of Staatsorgaan buite die Departement om bevoegdheid uit te oefen en pligte te verrig van die Minister en die Direkteur-generaal ingevolge Hoofstuk 4 en die ander artikels wat op daardie taak betrekking het; en

(ii) prosedures vir die kies van geskikte lisensiehouers, huurders, kopers of aanbieders;

(h) die fasilitering, bemiddeling en arbitrasie voor 'n paneellid bedoel in artikel 45;

(i) boshigiëne, insluitende—

(i) die bekamping van enige skadelike organisme wat enige soort bos, boom of hout beïnvloed op enige grond of in enige voertuig, gebou of ander plek waar hout opgeberg, gestapel, verduursaam of verwerk word;

(ii) die voorkoming van die invoering in of die verspreiding binne die Republiek van enige sodanige skadelike organisme; en

(j) oor die algemeen, om die oogmerke en die bepalings van hierdie Wet uit te voer.

(3)

Die Minister kan verskillende regulasies kragtens subartikel (2) uitvaardig vir verskillende streke in die Republiek, verskillende bosse of klasse bosse en verskillende eienaars of klasse eienaars van bosse.

(4)

Die Minister kan regulasies uitvaardig—

(a) vir die inspeksie van enige bos, bome, hout, voertuig, pakkier of perseel deur enige persoon of die bekleër van 'n pos deur die Minister aangewys ten einde regulasies wat kragtens hierdie artikel uitgevaardig is, af te dwing;

(b) wat voorskryf hoe monsters van enige hout vir ondersoek of toetsing geneem moet word en hoe en waar sodanige hout gegradeer of gemerk moet of kan word.

(5)

Die verwysing na spesifieke bevoegdhede om regulasies uit te vaardig in hierdie artikel beperk nie die algemene bevoegdhede om regulasies uit te vaardig wat by hierdie artikel verleen word nie.

(6)

(a) Die Minister kan by regulasie bepaal dat oortredings van sekere regulasies strafregtelike misdrywe uitmaak en maksimum strawwe vir sodanige misdrywe voorskryf.

(b) Die strawwe mag nie dié vir 'n kategorie 2-misdryf ingevolge artikel 58(2) te bowe gaan nie.

Prosedure vir uitvaardiging van regulasies

54.

(1)

Die Minister moet, alvorens hy of sy enige regulasies ingevolge hierdie Wet uitvaardig of wysig—

(a) 'n kennisgewing in die Staatskoerant publiseer—

(i) waarin die konsepregulasies uiteengesit word; en

(ii) waarin versoek word dat skriftelike kommentaar oor die voorgestelde regulasies binne 'n bepaalde tydperk voorgelê word;

(b) alle kommentaar wat ontvang word, oorweeg; en

(c) advies van die Raad ontvang.

(2)

Die regulasies is effektief van die datum waarop die Minister dit in die Staatskoerant publiseer.

(3)

Die Minister moet die regulasies in die Parlement ter tafel lê tesame met enige skriftelike kommentaar en advies ooreenkomstig subartikel (1) daarvoor ontvang—

(a) binne 30 dae na publikasie daarvan; of

(b) indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 30 dae na die begin van die volgende sessie.

(4)

Die Parlement kan die regulasies verwerp binne 60 dae nadat dit ter tafel gelê is.

(5)

Indien die Parlement enige regulasies verwerp, moet die Minister—

(a) dit herroep; of

(b) gewysigde regulasies in konsepvorm in die Parlement ter tafel lê, binne 60 dae na die verwerping, of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 60 dae na die begin van die volgende sessie, by gebreke waarvan sodanige regulasies ongeldig word.

(6) Indien die Minister verkies om gewysigde regulasies ingevolge subartikel (5)(b) ter tafel te lê—

(a) moet hy of sy die voorsitter van die Raad raadpleeg;

(b) hoef hy of sy nie die prosedure in subartikel (1) te volg nie, alvorens die gewysigde regulasies ter tafel gelê word.

(7) Indien die Parlement—

(a) die gewysigde regulasies aanvaar, moet die Minister dit binne 30 dae na die Parlement se aanvaarding publiseer;

(b) die gewysigde regulasies verwerp, is subartikels (5), (6) en hierdie subartikel van toepassing.

(8) Indien die Minister aan subartikel (5)(b) voldoen, bly die regulasies soos oorspronklik gepubliseer van toepassing totdat gewysigde regulasies deur die Parlement aanvaar is en deur die Minister ingevolge subartikel (2) gepubliseer is.

Tariewe en heffings

55. Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Finansies—

(a) ten opsigte van enige Staatsbos, 'n tarief van lisensiegelde uitreik wat volgens omstandighede kan verskil;

(b) die tarief van heffings uitreik wat betaal moet word vir enige produk of diens gelewer deur 'n beampte of werknemer van die Departement of deur 'n lid van die paneel in artikel 45 bedoel. Deel 2 Algemene bevoegdhede en pligte van Direkteur-generaal Deel 2 handel oor die algemene bevoegdhede en pligte van die Direkteur-generaal. Hy of sy kan sekere bevoegdhede en pligte deleger. Bevoegdhede en pligte

56. (1)

Die Direkteur-generaal het die bevoegdhede en pligte—

(a) bedoel in hierdie Wet; of

(b) aan hom of haar gedelegeer.

(2) Die Direkteur-generaal kan die uitoefening van enige van sy of haar bevoegdhede en die verrigting van enige van sy of haar pligte deleger aan—

(a) 'n benoemde beampte van die Departement;

(b) die bekleër van 'n amp in die Departement;

(c) 'n Staatsorgaan;

(d) 'n persoon wat nie 'n Staatsorgaan is nie.

(3)

Die Direkteur-generaal kan aan 'n persoon of Staatsorgaan aan wie 'n bevoegdheid of plig gedelegeer is, toestemming verleen om daardie bevoegdheid of plig verder te deleger.

(4)

'n Delegasie in subartikel (1) bedoel en die toestemming in subartikel (2) bedoel—

(a) moet skriftelik wees;

(b) kan aan voorwaardes onderworpe wees;

(c) moet die tydperk meld waartydens dit geldig is;

(d) verhinder nie die Direkteur-generaal om self daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie.

(5) Die Direkteur-generaal kan enige delegasie intrek.

Oorplasing van beamptes en werknemers

57.

(1)

Die Direkteur-generaal kan 'n ooreenkoms met 'n beampte of werknemer van die Departement aangaan om sy of haar diens oor te plaas na—

(a) 'n persoon wat 'n gelisensieerde bedrywigheid in 'n Staatsbos huur of beoefen;

(b) 'n gemeenskap wat 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms aangegaan het; of

(c) 'n party by 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms in artikel 31(2)(e) bedoel.

(2)

Die Minister van Finansies en die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie moet die bepalings van so 'n ooreenkoms goedkeur alvorens dit aangegaan word.

(3)

Die ooreenkoms kan voorsiening maak vir die voorwaardes waarop die werknemer sy of haar lidmaatskap van die Staat se pensioenfonds beëindig of lid van 'n nuwe pensioenfonds word.

HOOFSTUK 7 MISDRYWE EN STRAWWE

Hierdie Hoofstuk sit die tersaaklike misdrywe ingevolge die Wet uiteen, asook die toepaslike strawwe.

Deel 1 Vonnisoplegging

Deel 1 handel oor aangeleenthede betreffende vonnisoplegging.

Strawwe

58.

(1)

Iemand wat skuldig is aan 'n kategorie 1-misdryf bedoel in artikels 62 en 63, kan gevonniss word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot drie jaar of tot 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(2)

Iemand wat skuldig is aan 'n kategorie 2-misdryf bedoel in artikels 62, 63 en 64, kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonniss word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot twee jaar of tot 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(3)

Iemand wat skuldig is aan 'n kategorie 3-misdryf bedoel in artikels 62 en 63, kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonniss word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot een jaar of tot 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(4)

Iemand wat skuldig is aan 'n kategorie 4-misdryf bedoel in artikels 63 en 64, kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonniss word tot 'n boete of gemeenskapsdiens vir 'n tydperk van tot ses maande of tot 'n boete en sodanige diens.

(5)

Iemand wat skuldig is aan 'n kategorie 2-, 3- of 4-misdryf, kan by 'n tweede skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonniss word asof hy of sy onderskeidelik 'n kategorie 1-, 2- of 3-misdryf gepleeg het.

(6)

Iemand wat skuldig is aan 'n kategorie 5-misdryf bedoel in artikel 61, mag nie tot gevangenisstraf gevonniss word nie, maar kan gevonniss word tot 'n boete van tot R50 000.

(7)

Die maksimum bedrag van die boete in subartikel (6) bedoel, kan deur die Minister gewysig word by kennisgewing in die Staatskoerant om inflasie teen te werk.

(8)

'n Hof wat iemand vonnis—

(a) tot gemeenskapsdiens vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, moet 'n vorm van gemeenskapsdiens oplê wat die omgewing bevoordeel indien dit vir die oortreder moontlik is om so 'n vonnis in die omstandighede uit te dien;

(b) vir enige misdryf kragtens hierdie Wet, kan 'n lisensie wat ingevolge artikel 7 of 23 aan die oortreder verleen is, opskort of intrek.

Vergoedende bevel in strafregtelike verrigtinge

59.

(1)

'n Hof wat iemand skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, kan bevel—

(a) dat enige bosopbrengs of beskermde boom wat onwettig verwyder, afgekap of beskadig is, terugbesorg word aan die persoon wat daarop geregtig is indien dit uitvoerbaar is om dit te doen; en benewens of in plaas van sodanige terugbesorging,

(b) dat die persoon wat skuldig bevind is, skadevergoeding betaal aan enige persoon wat 'n verlies gely het as gevolg van die misdryf.

(2)

Die bevoegdheid in subartikel (1) is benewens enige ander bevoegdhede wat die hof in die onderhawige verrigtinge het.

(3)

'n Bevel kragtens subartikel (1) word uitgevoer op dieselfde wyse as 'n uitspraak van daardie hof in 'n siviele saak.

Toekenning van deel van verhaalde boete aan informant

60.

(1)

'n Hof wat 'n boete oplê vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, kan beveel dat 'n bedrag van hoogstens een kwart van die boete betaal word aan enige persoon wie se getuienis tot die skuldigbevinding gelei het of wat gehelp het om die oortreder voor die gereg te bring.

(2)

'n Beampte in diens van die Staat mag nie so 'n toekenning ontvang nie.

Deel 2 Misdrywe

Deel 2 noem al die misdrywe ingevolge die Wet met betrekking tot die ooreenstemmende Hoofstukke in die Wet.

Misdrywe rakende volhoubare bosbestuur

61. Iemand wat versuim om die stappe te doen wat hy of sy beveel is om te doen ingevolge artikel 4(8) binne die tydperk of die verlengde tydperk wat bepaal is, is skuldig aan 'n kategorie 5-misdryf.

Misdrywe rakende beskerming van bosse en bome

62.

(1)

Iemand wat die verbod op sekere handeling met betrekking tot bome in natuurlike bosse bedoel in artikel 7(1) oortree, is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf.

(2)

Iemand wat—

(a) die verbod oortree op die afkap, versteuring, beskadiging of vernietiging van bosopbrengs in of die verwydering of ontvangs van bosopbrengs uit 'n beskermde gebied in artikel 10(1) bedoel, is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf;

(b) die reëls bedoel in artikel 11(2)(b) oortree, is skuldig aan 'n kategorie 3-misdryf;

(c) die verbod op—

(i) die afkap, versteuring, beskadiging, vernietiging of verwydering van beskermde bome bedoel in artikel 15(1)(a) oortree; of

(ii) die verbod op die versameling, verwydering, vervoer, uitvoer, koop of verkoop van beskermde bome bedoel in artikel 15(1)(b) oortree, is skuldig aan 'n kategorie 1-misdryf.

(3) Iemand wat 'n verbod of enige ander bepaling oortree in 'n kennisgewing wat 'n beheerde bosgebied verklaar kragtens artikel 17(3) en (4), is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf.

Misdrywe rakende gebruik van bosse

63.

(1)

Iemand wat—

(a) sonder magtiging 'n gebied van 'n bos binnegaan of daarin is wat nie vir toegang vir ontspanning, opvoeding, kultuur of geestelike vervulling aangewys is nie, is skuldig aan 'n kategorie 4-misdryf;

(b) 'n reël oortree wat deur 'n eienaar gemaak is ingevolge artikel 20(3) of 'n geregistreerde eienaar ingevolge artikel 21(2), is skuldig aan 'n kategorie 4-misdryf;

(c) inbreuk maak op die privaatheid, of skade veroorsaak aan die eiendom, van 'n geregistreerde eienaar in stryd met die verbod in artikel 21(5) bedoel, is skuldig aan 'n kategorie 3-misdryf;

(d) enige baken, grens, heining, kennisgewingbord of ander struktuur in 'n bos sonder magtiging beskadig, verwyder of daarmee inmeng, is skuldig aan 'n kategorie 4-misdryf;

(e) sonder toestemming 'n merk of teken maak op 'n rots, gebou, boom of ander plantegroei in 'n bos, is skuldig aan 'n kategorie 3-misdryf;

(f) vullis stort of strooi in 'n bos, is skuldig aan 'n kategorie 4-misdryf.

(2) Iemand wat, sonder 'n lisensie of ander magtiging—

(a) seweweeksvarings (Rumohra adiantiforme) afkap, versteur, beskadig, vernietig, verwyder of ontvang uit enige bos, is skuldig aan 'n kategorie 1-misdryf;

(b) enige dier, voël, insek of vis doodmaak, is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf indien dit in 'n beskermde gebied is en 'n kategorie 3-misdryf indien dit in enige ander gebied is.

(3) Iemand wat, sonder die toestemming van die geregistreerde eienaar, enige bosopbrengs behalwe bome in artikel 62(1) bedoel, verwyder uit 'n ander bos as 'n Staatsbos, is skuldig aan 'n kategorie 3-misdryf.

(4) Iemand wat 'n bedrywigheid in 'n Staatsbos waarvoor 'n lisensie nodig is, beoefen sonder so 'n lisensie, is skuldig aan—

(a) 'n kategorie 3-misdryf, indien die Staatsbos 'n beskermde gebied is;

(b) 'n kategorie 4-misdryf, indien die Staatsbos nie 'n beskermde gebied is nie.

(5) Iemand wat 'n voorwaarde in 'n lisensie, vrystelling of ander magtiging ingevolge hierdie Wet oortree—

(a) in 'n beskermde gebied, is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf;

(b) in enige ander bos, is skuldig aan 'n kategorie 3-misdryf.

Misdrywe rakende wetstoepassing

64.

(1)

Iemand wat—

(a) weier of versuim om 'n lisensie ingevolge artikel 24(8) aan 'n bosbeampte of polisiebeampte te toon; of

(b) 'n bosbeampte of polisiebeampte verhinder om kragtens artikel 67, 68 of 69 op te tree of wat 'n bosbeampte of polisiebeampte wat aldus optree, hinder, is skuldig aan 'n kategorie 4-misdryf.

(2) 'n Bosbeampte of werknemer van die Departement wat—

(a) enige betaling, voordeel of beloning werf of ontvang of instem om dit te ontvang vir die doen van iets wat strydig met sy of haar plig is;

(b) enige betaling, voordeel of beloning, behalwe sy of haar normale besoldiging, werf of ontvang of instem om dit te ontvang vir die verrigting van sy of haar plig; of

(c) handel dryf in bosopbrengs, behalwe bosopbrengs wat op sy of haar eie grond gekweek of geproduseer is, of as agent optree vir iemand wat in bosopbrengs handel dryf, is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf.

HOOFSTUK 8 TOEPASSING VAN WET

Hierdie Hoofstuk maak voorsiening vir die aanstelling van bosbeamptes en sit hulle bevoegdhede uiteen om die bepalings van hierdie Wet doeltreffend af te dwing.

Aanstelling van bosbeamptes

65. Die Direkteur-generaal kan—

(a) poste in die Departement of in enige provinsiale administrasie of plaaslike owerheid aanwys waarvan die bekleërs bosbeamptes is; en

(b) enige ander paslik gekwalifiseerde persone as bosbeamptes aanstel.

Algemene bevoegdhede van bosbeamptes

66.

(1)

'n Verwysing na 'n misdryf in hierdie Hoofstuk is 'n verwysing na 'n misdryf ingevolge hierdie Wet.

(2)

'n Bosbeampte het ten opsigte van enige misdryf al die bevoegdhede wat wetlik in 'n polisiebeampte setel.

(3)

'n Bosbeampte wat bevoegdhede kragtens hierdie Wet uitoefen—

(a) word geag 'n vredesbeampte te wees soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977);

(b) moet saam met hom of haar dra, en op versoek toon, die voorgeskrewe bewys van sy of

haar identiteit en aanstelling as 'n bosbeampte.

Bevoegdheid om te betree en te deursoek

67.

(1)

'n Bosbeampte kan enige grond of perseel sonder 'n lasbrief betree en deursoek indien hy of sy rede het om te vermoed dat 'n misdryf daar gepleeg is of gepleeg word, indien—

(a) die persoon in beheer van die grond of perseel daartoe instem; of

(b) die bosbeampte rede het om te vermoed dat 'n lasbrief uitgereik sal word indien hy of sy om so 'n lasbrief sou aansoek doen maar die vertraging deur aldus aansoek te doen, die doel van die betreding of deursoeking sal verydel.

(2) 'n Bosbeampte kan, sonder 'n lasbrief, enige voertuig stop, betree en deursoek, of enige pakkier deursoek, wat hy of sy redelikerwys vermoed by die pleeg van 'n misdryf gebruik word of gebruik is.

Bevoegdheid om beslag te lê

68.

(1)

'n Bosbeampte kan sonder 'n lasbrief beslag lê op—

(a) enige bosopbrengs ten opsigte waarvan hy of sy rede het om te vermoed dat 'n misdryf gepleeg is of gepleeg word;

(b) enige voertuig, werktuig, wapen, dier of ander ding wat hy of sy rede het om te vermoed by die pleeg van 'n misdryf gebruik is of gebruik word;

(c) enigiets wat hy of sy rede het om te vermoed as getuienis by die vervolging van enige persoon vir 'n misdryf gebruik kan word.

(2)

Waar daar kragtens subartikel (1)(b) beslag gelê word op enige voertuig of dier, moet die persoon in beheer van die voertuig of dier dit neem na die plek wat deur die bosbeampte aangewys word.

(3)

Die aangewese plek moet na die mening van die bosbeampte die naaste of gerieflikste plek wees waar die voertuig of dier gehou kan word.

(4)

Die voertuig kan daar gehou word hangende die uitkoms van enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet.

(5)

Indien die persoon in beheer van die voertuig of dier weier om dit na die plek te neem, kan die bosbeampte dit doen.

(6)

Ten einde 'n voertuig waarop daar beslag gelê is, te beveilig, kan die bosbeampte dit immobiliseer deur 'n onderdeel te verwyder.

(7)

Die onderdeel moet veilig bewaar word en in 'n goeie toestand in die voertuig teruggeplaas word wanneer dit vrygestel word.

(8) 'n Item waarop kragtens hierdie artikel beslag gelê word, moet veilig en in 'n goeie toestand bewaar word.

Bevoegdheid om in hegtenis te neem

69.

(1)

'n Bosbeampte kan enige persoon in hegtenis neem wat hy of sy redelikerwys vermoed—

(a) 'n kategorie 1-, 2- of 3-misdryf gepleeg het; of

(b) 'n kategorie 4-misdryf gepleeg het en na sy of haar mening sal versuim om in reaksie op 'n dagvaarding op te daag.

Vervanging van artikel 3 van Wet 128 van 1992

76. Artikel 3 van die Wet op die Bestuur van Staatsbosse, 1992, word deur die volgende artikel vervang:

“Oogmerke van Maatskappy

3. Die oogmerke van die Maatskappy is die ontwikkeling op die lang termyn van die bosboubedryf volgens aanvaarde kommersiële [bestuurspraktyk] en omgewingspraktyk.”.

Herroeping van artikel 4 van Wet 128 van 1992

77.

(1)

Artikel 4 van die Wet op die Bestuur van Staatsbosse, 1992, word herroep.

(2)

Ooreenkomste wat ingevolge artikel 4 aangegaan is en geldig is by die inwerkingtreding van hierdie Wet, gaan op dieselfde bepaling voort, behoudens die volgende:

(a) Die reg van toegang in artikels 19 en 20 van hierdie Wet bedoel, is van toepassing op Staatsbosse waarop sulke ooreenkomste betrekking het.

(b) Die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk besit nie enige Staatsbos nie en het geen reg om eienaarskap of nege en negentig jaar huurbesit van enige Staatsbos te verkry nie.

(c) Die partye kan die bestaande ooreenkomste wysig of ’n nuwe ooreenkoms of ooreenkomste aangaan wat die bestaande ooreenkomste vervang, maar enige reg om ’n Staatsbos ingevolge ’n nuwe ooreenkoms te gebruik, moet ingevolge Hoofstuk 4 verleen word.

(d) Die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk word geag kragtens artikel 23 gelisensieer te wees om die bedrywighede te verrig waarvoor die bestaande ooreenkomste voorsiening maak, vir so lank as wat die ooreenkomste van krag bly.

(e) Geen lisensiegeld is deur die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk betaalbaar nie as gevolg van paragraaf (d) indien hy huur betaal ingevolge die bestaande ooreenkomste.

(f) Bevoegdheede en pligte van die Direkteur-generaal ingevolge die Boswet, 1984 (Wet No. 122 van 1984), en die regulasies uitgevaardig ingevolge daardie Wet, wat ingevolge die bestaande ooreenkomste aan die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk gedelegeer of opgedra is en wat—

(i) bestaan kragtens ’n ooreenstemmende bepaling in hierdie Wet, word geag kragtens artikel 47 of 48 aan die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk gedelegeer of opgedra te wees;

(ii) nie kragtens ’n ooreenstemmende bepaling in hierdie Wet bestaan nie, berus nie meer by die Suid-Afrikaanse Bosboumaatskappy Beperk nie.

Wysiging van Wet 51 van 1994

78. Die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994, word gewysig op die grondslag in Bylae 2 uiteengesit.

Kort titel

79. Hierdie Wet is die Nasionale Wet op Bosse, 1998.

Inwerkingtreding

80. Hierdie Wet tree in werking op ’n datum wat die President in die Staatskoerant bepaal.

BYLAE 1 [Artikel 73]

No. en jaar van wet	Kort titel	In hoeverre herroep
Wet No. 122 van 1984	Boswet, 1984	Die geheel, uitgesonderd artikels 7, 8 en 9 en die bepaling bedoel in artikel 73(2) van hierdie Wet en artikel 34 van die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, 1998
Wet No. 52	Boswysigingswet, 1987	Die geheel

van 1987		
Wet No. 90 van 1987	Tweede Boswysigingswet, 1987	Die geheel
Wet No. 14 van 1988	Boswysigingswet, 1988	Die geheel
Wet No. 25 van 1989	Boswysigingswet, 1989	Die geheel
Wet No. 53 van 1991	Boswysigingswet, 1991	Die geheel, uitgesonderd die bepalings bedoel in artikel 73(2) van hierdie Wet
Wet No. 85 van 1991	Poswysigingswet, 1991	Artikel 78, net in soverre dit die Boswet, 1984, wysig
Wet No. 108 van 1991	Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991	Artikel 43
Wet No. 54 van 1992	Wet op die Omskepping van die Tweefontein-houtmaatskappy Beperk, 1992	Die geheel
Wet No. 129 van 1993	Derde Algemene Regswysigingswet, 1993	Artikels 59 en 60
Wet No. 63 van 1995	Boswysigingswet, 1995	Die geheel

BYLAE 2 [Artikel 78] Wysigings van Wet 51 van 1994 Wysiging van artikel 2 van Wet 51 van 1994

1. Artikel 2 van die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994, word gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Vervanging van artikel 3 van Wet 51 van 1994

2. Artikel 3 van die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994, word deur die volgende artikel vervang:

“Herroeping van Wet 15 van 1984 (Transkei)

3. Die ‘Forestry Council Act’, 1984 (Wet No. 15 van 1984) (Transkei), word herroep.”.

Herroeping van artikels 5, 6 en 7 van Wet 51 van 1994

3. Artikels 5, 6 en 7 van die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994, word

herroep.

Vervanging van Bylae 1 by Wet 51 van 1994

4. Bylae 1 by die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994, word deur die volgende Bylae vervang:

“Bylae 1 Wette by artikel 1(1) herroep

No. en jaar van wet	Kort titel	Mate waarin herroep	Gebied van nasionale grondgebied ten opsigte waarvan wet herroep word
Wet No. 23 van 1960	Wet op die Wattelbasnywerheid, 1960	Die geheel	Die voormalige Republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei en die voormalige selfregerende gebiede Lebowa, Gazankulu, Qwaqwa, KwaZulu, KwaNdebele en KaNgwane
Wet No. 44 van 1967	Wysigingswet op die Wattelbasnywerheid, 1967	Die geheel	
Wet No. 59 van 1974	Wysigingswet op die Wattelbasnywerheid, 1974	Die geheel	
Wet No. 24 van 1986	Wysigingswet op die Wattelbasnywerheid, 1986	Die geheel	Die voormalige selfregerende gebiede Lebowa, Gazankulu, Qwaqwa, KwaZulu, KwaNdebele en KaNgwane
Proklamasie No. 191 van 1967	Trustbosregulasies, 1967	Die geheel, uitgesonderd regulasie 27	Die voormalige Republiek van Bophuthatswana en die voormalige selfregerende gebiede Gazankulu, Qwaqwa en KwaNdebele
Proklamasie No. 340 van 1968		Die geheel	
Wet No. 72 van 1968		Boswet, 1968	
Wet No. 37 van 1971		Boswysigingswet, 1971	
Wet No. 46 van 1972		Boswysigingswet, 1972	
Wet No. 45 van 1973	Boswysigingswet, 1973	Die geheel	Die voormalige selfregerende gebiede Qwaqwa en KwaNdebele
Wet No. 57 van 1974	Boswysigingswet, 1974	Die geheel	
Wet No. 36 van 1975	Boswysigingswet, 1975	Die geheel	Die voormalige selfregerende gebied KwaNdebele
Wet No. 58 van 1976	Boswysigingswet, 1976	Die geheel	
Wet No. 60 van 1969	Transkei Forest Act, 1969	Die geheel	Die voormalige Republiek van Transkei
Wet No. 6 van 1971	Transkeian Nature Conservation Act, 1971	Artikel 38, net in soverredit die Transkei Forest Act, 1969, wysig Die geheel	
Wet No. 5	Transkeian	Die geheel	

van 1972 Wet No. 7 van 1974	General Law Amendment Act, 1972 Transkeian Forest Amendment Act, 1974		
Wet No. 6 van 1976 Wet No. 20 van 1985	Ciskeise Wet op Bosbou, 1976 Bosbouwysiging swet, 1985 (Ciskei)	Die geheel Die geheel	Die voormalige Republiek van Ciskei
Wet No. 13 van 1978	Lebowa Forestry Act, 1978	Die geheel	Die voormalige selfregerende gebied Lebowa
Wet No. 15 van 1980 Wet No. 2 van 1990	KwaZulu Boswet, 1980 KwaZulu Boswysigingswe t, 1990	Die geheel Die geheel	Die voormalige selfregerende gebied KwaZulu
Wet No. 16 van 1981	Forest Act, 1981 (Venda)	Die geheel	Die voormalige Republiek van Venda
Wet No. 4 van 1981	KaNgwane Boswet, 1981	Die geheel	Die voormalige selfregerende gebied KaNgwane”

Herroeping van Bylae 2 by Wet 51 van 1994

5. Bylae 2 by die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994, word herroep.

Vervanging van Bylae 3 by Wet 51 van 1994

6. Bylae 3 by die Rasionaliserings- en Wysigingswet op Bosbouwette, 1994, word deur die volgende Bylae vervang:

“Bylae 3 UITBREIDING VAN DIE TOEPASSING VAN SEKERE WETTE BY
ARTIKEL 2

No. en jaar van wet	Kort titel	Mate van uitbreiding van toepassing
Wet No. 23 van 1960	Wet op die Wattelbasnywerheid, 1960	Die geheel
Wet No. 128 van 1992	Wet op die Bestuur van Staatsbosse, 1992	Die geheel
Wet van 1998	Nasionale Wet op Bosse, 1998	Die geheel
Wet van 1998	Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, 1998	Die geheel”